# ‘n Ondersoek na die afskaffing van boedelbelasting

**D.F. DE VILLIERS**
**20033214**

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad
*Magister Legum* in boedelbeplanning
aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

**Studieleier: Mnr. H.J. Kloppers**

**Mei 2011**

**Abstract**

Estate duty in South Africa is levied in terms of the *Estate Duty Act* since 1955. Estate duty is currently calculated at a flat rate of 20% on the amount of which the net worth of an estate exceeds a primary rebate of R3,5 million.

Statistics show that only a small percentage of estates in South Africa is taxable. Furthermore, many estate owners – particularly those whose estates are liable for estate duty – have the financial means to afford estate planning services to reduce estate duty. This reality has the effect that estate duty is paid by a very insignificant number of estates.

Similar to estate duty, capital gains tax has the tax incentive of constituting vertical equity – creating the outcome that taxpayers with greater capability to pay taxes should be taxed more severely. Capital gains tax is also a tax payable (among other instances) at the death of an estate owner. This gives rise to double taxation.

Further matters that need to be considered are constitutional justification of estate duty and the question whether the categories of current taxable estates correlate with the taxable estates envisaged by the legislator in 1955.

In amending fiscal policy, it is useful to consider international trends. In countries such as Australia, New Zealand and Canada estate duty has been abolished. This phenomenon demonstrates that estate duty is not an essential element of a tax system.

The aim of this study is to investigate the contribution of the abolishment of estate duty to South African tax law.

**Key terms**: estate duty, estate planning, tax avoidance, capital gains tax, tax abolishment

**Opsomming**

Boedelbelasting in Suid-Afrika word sedert 1955 ingevolge die *Boedelbelastingwet* gehef. Boedelbelasting word tans bereken teen ‘n vaste koers van 20% op die bedrag vir soveel as wat die netto waarde van ‘n boedel R3,5 miljoen oorskry.

Statistiek toon dat slegs ‘n klein persentasie boedels in Suid-Afrika belasbaar is. Verder het boedeleienaars – veral diegene wat oor boedels beskik wat vir die betaling van boedelbelasting aanspreeklik is – die finansiële vermoë om boedelbeplanning te bekostig ten einde boedelbelasting te verminder. Hierdie realiteit het die effek dat boedelbelasting deur slegs ‘n baie klein hoeveelheid boedels betaal word.

Kapitaalwinsbelasting het, nes boedelbelasting, die oogmerk om vertikale billikheid daar te stel – met die gevolg dat belastingbetalers met ‘n groter vermoë om te betaal aan strawwer belasting onderwerp word. Kapitaalwinsbelasting is (onder meer) by die sterfte van ‘n boedeleienaar betaalbaar. Dit gee aanleiding tot dubbele belasting.

Verdere sake wat oorweging verg is die grondwetlike begronding van boedelbelasting en die vraag of die kategorieë van teenswoordige belasbare boedels ooreenstem met die belasbare boedels deur die wetgewer beoog in 1955.

Met die wysiging van fiskale beleid is dit nuttig om internasionale tendense te oorweeg. In landse soos Australië, Nieu-Seeland en Kanada is boedelbelasting reeds afgeskaf. Hierdie verskynsel demonstreer dat boedelbelasting nie ‘n noodsaaklike element van ‘n belastingstelsel is nie.

Die doel van hierdie studie is om ‘n ondersoek te doen na die bydrae van die afskaffing van boedelbelasting tot die Suid-Afrikaanse belastingreg.

**Sleutelterme**: boedelbelasting, boedelbeplanning, belastingvermyding, kapitaalwinsbelasting, afskaffing van belasting

**Inhoudsopgawe**


**1 Inleiding** 1

1.1 Probleemstelling 1

1.2 Omvang van die ondersoek 3

**2 Huidige situasie in Suid-Afrika ten aansien van boedelbelasting** 4

2.1 Boedelbelasting 4

2.1.1 Die heffing van boedelbelasting 4

2.1.2 Boedelbeplanning en die vermyding van boedelbelasting 6

2.2 Kapitaalwinsbelasting 9

2.3 Skenkingsbelasting 11

2.4 Die prestasie van boedelbelasting in terme van bydrae tot staatsinkomste 13

**3 Ratio vir en teen die hef van boedelbelasting** 15

3.1 Gronde vir die hef van boedelbelasting 15

3.1.1 Staatsinkomste 15

3.1.2 Herverdeling van rykdom 16

3.1.3 Regverdigbaarheid van boedelbelasting 17

3.2 Argumente waarom boedelbelasting afgeskaf behoort te word 18

3.2.1 Oneffektiwiteit 19

3.2.2 Die herverdeling van rykdom as begronding slaag nie 20

3.2.3 Boedelbelasting ontmoedig spaaraktiwiteit 20

**4 Evaluering van boedelbelasting in Suid-Afrika** 21

4.1 Maatstawwe waaraan ‘n belastingstelsel moet voldoen 22

4.1.1 Regverdigheid 22

4.1.2 Neutraliteit 23

4.1.3 Effektiwiteit 24

4.1.4 Eenvoud 25

4.2 Vraagstuk: Word boedels belas wat aanvanklik deur die wetgewer beoog is? 26

4.3 Verdere kritiek teen die Suid-Afrikaanse boedelbelastingstelsel 30
4.4 'n Grondwetlike beoordeling van boedelbelasting 31
4.4.1 Grondwetlike beginsels en die relevansie daarvan by boedelbelasting 31
4.4.2 Gelykheid en boedelbelasting 32
4.4.2.1 Interpretasie van gelykheid en toets vir inbreukmaking daarvan 32
4.4.2.2 Die beoordeling van boedelbelasting aan gelykheid 35
4.4.3 Gevolgtrekking 36

**5 Uiteensetting van 'n regstelsel waar boedelbelasting afgeskaf is: Australië** 37
5.1 Oorsig van Australiese boedelbelasting en die afskaffing daarvan 38
5.2 Faktore wat aanleiding gegee het tot afskaffing 38
5.3 Evaluering van die afskaffing 40
5.4 Gevolgtrekking en vergelyking met die Suid-Afrikaanse situasie 40

**6 Effek op boedelbeplanning as boedelbelasting afgeskaf word** 42
6.1 Omskrywing van boedelbeplanning 42
6.2 Boedelbeplanning en ander belastingvorme as boedelbelasting 43
6.3 Gevolgtrekking 44

**7 Samevatting en aanbevelings** 45
7.1 Oorsig van bevindings 45
7.2 Afweging van alternatiewe 46
7.3 Gevolgtrekking 48

**8 Bibliografie** 49

# 1 Inleiding

## *1.1 Probleemstelling*

Boedelbelasting word sedert 1955 ingevolge die *Boedelbelastingwet*[1] gehef. Tans word boedelbelasting gehef teen ‘n koers van 20% vir soveel as wat die netto waarde van ‘n boedel R3,5 miljoen (die teenswoordige primêre korting soos in artikel 4A van die Wet vervat) oorskry. Statistiek toon egter dat ‘n baie klein persentasie van die bevolking van Suid-Afrika belastingpligtig is[2] – en ‘n nóg kleiner persentasie beskik oor boedels waarvan die netto waarde R3,5 miljoen oorskry.

Verder is dit ‘n realiteit dat boedelbeplanning onder andere as ‘n metode ingespan word om soveel as moontlik boedelbelasting te bespaar. Diegene wie se boedels groter as R3,5 miljoen is, is gewoonlik finansieel daartoe in staat om die dienste van ‘n boedelbeplanner te bekostig en probeer sodoende die boedelbelasting tot ‘n minimum beperk. Die gevolg hiervan is dat ‘n baie klein persentasie boedels in die praktyk belas word.

Die inkomste gegenereer uit belasbare boedels lewer gevolglik ‘n minimale bydrae tot die land se totale inkomste uit belasting.[3] Hierdie feit dien as argument dat aandag daaraan geskenk moet word om boedelbelasting af te skaf. Die situasie, soos hierbo uiteengesit, wat daarop dui dat boedelbelasting in Suid-Afrika nie ‘n waardevolle bydrae maak tot die inkomste gegenereer uit belasting nie, word verder begrond deur ander argumente ter ondersteuning van die afskaffing daarvan.[4]

In die lig van die moontlike wysiging van die fiskale beleid van Suid-Afrika, is dit handig om ‘n vergelyking met ander state se belastingstelsels – en spesifiek die hef van boedelbelasting – te tref.

---

1 45 van 1955. (Voortaan ‘die Wet’).
2 Die statistiek wat hierdie stelling ondersteun, word in 2.4 hieronder vervat.
3 Statistiek soos in 2.4 hieronder vervat.
4 Hierdie argumente word in 3.2 hieronder uiteengesit.

Vanweë die feit dat baie lande (onder meer Australië, Nieu-Seeland en Kanada) reeds met boedelbelasting weggedoen het,[5] wil dit voorkom asof die heffing van boedelbelasting nie noodwendig noodsaaklik is nie en kan dit as aansporing dien vir die afskaffing daarvan.

Die begronding vir die heffing van boedelbelasting berus op die idee van "vertikale billikheid",[6] wat inhou dat belastingpligtiges met 'n groter vermoë om belasting te betaal, 'n groter belastingplig behoort te dra. Ter bereiking van hierdie ideaal, het kapitaalwinsbelasting in 2001 in werking getree. Met kapitaalwinsbelasting word belasting gehef op die verskil tussen die aanvangswaarde ("basiskoste") van 'n bate en die waarde daarvan op die datum van vervreemding ("beskikking").[7] Aangesien die dood van 'n persoon as 'n "beskikking" geag word, word kapitaalwins – bo en behalwe boedelbelasting – by dood gehef.[8] Gevolglik kan die argument aangevoer word dat individue dubbeld belas word, aangesien beide kapitaalwinsbelasting en boedelbelasting dieselfde begronding het en dieselfde effek bewerkstellig, naamlik die bereiking van vertikale billikheid.[9] Sodra 'n konsep soos billikheid ter sprake is, kan daar na die beginsels van gelykheid en regverdigheid – waarop die Suid-Afrikaanse regsorde sedert die inwerkingtreding van die Grondwet[10] geskoei is – verwys word. Gevolglik ontstaan die vraag of die hef van boedelbelasting grondwetlik regverdigbaar is.

'n Verdere argument waarom boedelbelasting moontlik uitgedien is, spruit uit die idee dat die aanvanklike oogmerke van die wetgewer met die inwerkingtreding van die *Boedelbelastingwet* nie in ooreenstemming met die huidige belasbare boedels is nie. Die boedels wat in 1955 met die inwerkingtreding van die Wet belas is, is op 'n glyskaal-basis bereken met koerse wat eksponensieel toeneem soos wat die boedelwaarde verhoog. Hierdie stelsel is later verander na 'n vaste koers met 'n enkele primêre korting. Die korting – soos in artikel 4A van die *Boedelbelastingwet* bepaal –

5 Sien Duff 2005 *Pittsburgh Tax Review* 72.
6 Jones en Rhoades-Catanach *Principles of Taxation* 33.
7 Jordaan *et al Inkomstebelasting* 712.
8 Sien Abrie *et al Bestorwe Boedels* 256.
9 Kapitaalwinsbelasting word in meer besonderhede hieronder bespreek in par 2.2.
10 *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 1996. (Voortaan slegs 'Grondwet').

waarvolgens boedels voor Maart 1988 belas is, was R800 000.[11] Hierdie bedrag was R1 miljoen in 1988 en is intussen aangepas na R1,5 miljoen, R2,5 miljoen en uiteindelik R3,5 miljoen, wat die teenswoordige kortingsbedrag is.[12] Die vraag ontstaan gevolglik of dieselfde kategorieë boedels tans belas word as wat oorspronklik deur die wetgewer beoog is.

Hierdie navorsingsverslag – wat die vorm van 'n literatuurstudie aanneem – behels 'n ondersoek na die moontlike afskaffing van boedelbelasting sodat 'n gevolgtrekking gemaak kan word ten aansien van die vraagstuk watter bydrae die afskaffing van boedelbelasting tot die Suid-Afrikaanse belastingreg kan maak.

### *1.2 Omvang van die ondersoek*

Ter beantwoording van die navorsingsvraag sal daar hoofsaaklik op die volgende aspekte gefokus word.

Eerstens word 'n uiteensetting van die huidige situasie in die Suid-Afrikaanse belastingreg ten aansien van boedelbelasting gegee. In hierdie afdeling word daar gefokus op die teoretiese grondslae van boedelbelasting en kapitaalwinsbelasting asook die inkomste gegenereer uit boedelbelasting. Vervolgens word die *ratio* vir en teen die hef van boedelbelasting, in die vorm van teoretiese argumente deur regsouteurs, bespreek. In die volgende afdeling word boedelbelasting in Suid-Afrika geëvalueer, waarin die inhoud van die twee voorafgaande afdelings geïntegreer word aan die hand van sekere kriteria vir belasting. 'n Evaluering van die grondwetlikheid van boedelbelasting volg hierna. Voorts word unieke kritiekpunte ten aansien van Suid-Afrikaanse boedelbelasting geopper. Hierna word 'n uiteensetting gegee van 'n regstelsel waar boedelbelasting afgeskaf is, gevolg deur 'n bespreking van die effek op boedelbeplanning indien boedelbelasting inderdaad afgeskaf word. Ten slotte volg 'n samevatting en aanbevelings ten aansien van die

11 Olivier en Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 41.
12 Olivier en Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 43, www.treasury.gov.za/documents en *Wysigingswet op Belastingwette* 17 van 2009.

vraagstuk watter bydrae die afskaffing van boedelbelasting tot die Suid-Afrikaanse belastingreg kan maak.

## 2 Huidige situasie in Suid-Afrika ten aansien van boedelbelasting

Vervolgens word die situasie in Suid-Afrika soos wat dit tans daar uitsien ten aansien van boedelbelasting uiteengesit. Soos dit in afdeling 1 hierbo vermeld is, is dit ook nodig om na kapitaalwinsbelasting te verwys, aangesien hierdie belastingvorm ook by afsterwe betaal word. ‘n Verdere verwysing na skenkingsbelasting volg, aangesien skenkingsbelasting en boedelbelasting ‘n noue verband met mekaar het, soos hieronder getoon word. Nadat die teoretiese aspekte van die pasvermelde belastingsisteme uiteengesit is, sal die prestasie daarvan – in terme van bydrae tot staatsinkomste – beoordeel word.[13]

### *2.1 Boedelbelasting*

#### *2.1.1 Die heffing van boedelbelasting*

Soos reeds vermeld, word boedelbelasting gehef ingevolge die *Boedelbelastingwet* wat op 1 April 1955 in werking getree het. Boedelbelasting is van toepassing op alle sterftes sedert die datum van inwerkingtreding van die Wet.[14] As ‘n algemene reël is die boedel aanspreeklik vir die betaling van boedelbelasting en is die belasting verhaalbaar van die eksekuteur.[15] Die “belasbare bedrag” van ‘n oorlede persoon se boedel word soos volg bereken:

---

13 In afdeling 4 hieronder sal terugverwys word na hierdie statistiese uiteensetting.

14 A2(1).

15 Stein *Estate Duty* 3. Aangesien die eksekuteur verantwoordelik is vir die beheer van boedelbates en betaling van laste van die boedel, val die betaling van boedelbelasting binne die omvang van die eksekuteur se pligte. Sien in hierdie verband Abrie *et al Bestorwe Boedels* 56.

Ten eerste word die somtotaal van alle bates van die oorlede persoon bereken. Buitelandse bates word hierby ingesluit,[16] asook alle fidusiêre regte, vruggebruik- en ander belange wat die oorledene voor sy/haar dood gehad het, asook annuïteite.[17] Voorts word 'geagte bates', soos bepaal in artikel 3(3) van die Wet, ook hierby ingesluit: bates wat nie werklike eiendom van die oorledene ten tye van sy/haar oorlye was nie, maar steeds vir boedelbelasting in aanmerking geneem word.[18] Hieronder word die volgende ingesluit: lewensversekeringspolisse (ongeag wie daardeur bevoordeel word), vrygestelde skenkings (insluitende skenkings *mortis causa*), eiendom waaroor die oorledene bevoeg was om te beskik asook aanwasvorderings ten gunste van die boedel.[19] Die somtotaal van die bates, wat die geagte bates insluit, stel die bruto belastingboedel daar.

Ten tweede word sekere kortings[20] van die bruto belastingboedel afgetrek, wat die netto belastingboedel daarstel. Hierdie bedrag word met die primêre korting – soos in artikel 4A van die *Boedelbelastingwet* bepaal – verminder, wat die belasbare bedrag daarstel. Soos reeds genoem, is die teenswoordige primêre korting R3,5 miljoen. Die koers van boedelbelasting word voorts gehef op die belasbare bedrag. Die koers waarteen boedelbelasting gehef word, is 20% sedert 1 Oktober 2001 met die inwerkingtreding van kapitaalwinsbelasting.

Die *Wysigingswetsontwerp op Belastingwette*[21] wat op 1 Januarie 2010 in werking getree het, maak dit voortaan moontlik dat 'n langslewende gade op

---

16 Hierdie bepaling is onderhewig aan uitsonderings. Sekere buitelandse bates word buite rekening gelaat en as toelaatbare kortings soos in artikel 4 – waarna hieronder verwys word – afgetrek.

17 A3(2). Sien ook Stein *Estate Duty* 2.

18 Sien Abrie *et al Bestorwe Boedels* 168-172 en Wiechers en Vorster *Boedelberedderring* 97-104.

19 Aanwasvorderings tussen gades buite gemeenskap van goedere getroud word ingevolge *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984 moontlik gemaak.

20 A4 van *Boedelbelastingwet* omvat 'n lys van kortings. Enkeles wat genoem kan word, is 4(a) redelike begrafnis- en sterfbedonkostes, 4(b) skulde verskuldig aan persone wat in die Republiek verblyfplek het, 4(c) likwidasie- en administrasiekoste van die boedel toegelaat deur die Meester, 4(e) eiendom buite die Republiek wat die oorledene verkry het voordat hy/sy verblyfplek in die Republiek verkry het, of by wyse van vererwing of skenking verkry het van 'n persoon wat ten tye van die skenking of oorerwing nie verblyfplek in die Republiek gehad het nie.

21 *Wysigingswet op Belastingwette* 17 van 2009.

die primêre kortingsbedrag (artikel 4A-korting) wat nie van die eerssterwende gade se boedel afgetrek is nie, geregtig is wanneer sy/haar boedelbelasting bereken word. Hierdie bepaling kan met die volgende twee eenvoudige voorbeelde verduidelik word. Gestel 'n persoon (die eerssterwende) bemaak sy totale boedel aan sy/haar gade. Aangesien bemakings aan gades van boedelbelasting vrygestel is, is die R3,5 miljoen primêre korting ongebruik en is 'n primêre korting van R7 miljoen by die oorlye van die langslewende gade van toepassing. In die tweede voorbeeld kan die volgende situasie bestaan: gestel 'n eerssterwende gade beskik oor 'n boedel van R2 miljoen. Wanneer die artikel 4A-korting afgetrek word, word effektief slegs R2 miljoen afgetrek en is R1,5 miljoen (R3,5 miljoen met R2 miljoen verminder) ongebruik gelaat. Die langslewende gade is dus geregtig op 'n primêre korting van R5 miljoen (R3,5 miljoen vermeerder met R1,5 miljoen).

Gevolglik sou 'n langslewende gade op 'n primêre korting van maksimum R7 miljoen geregtig wees, gegewe dat die eerssterwende gade se boedel geen R3,5 miljoen-aftrekking gehad het nie.[22] Hierdie bepaling van die wetsontwerp kan moontlik daarop dui dat die wetgewer 'n tegemoetkomende gebaar aan boedeleienaars getoon het deurdat boedelbelasting gespaar kan word. Hierdie stap van die wetgewer kan ook moontlik as 'n aanduiding dien dat boedelbelasting in die toekoms volkome afgeskaf kan word.

### *2.1.2 Boedelbeplanning en die vermyding van boedelbelasting*

Dit is bekend dat boedelbeplanning as 'n meganisme dien waartydens gepoog word om onder meer boedelbelasting te bespaar, aangesien een van die oogmerke van boedelbeplanning juis uiteengesit word as die poging om inkomstebelasting, skenkingsbelasting en boedelbelasting so laag as moontlik te hou.[23]

---

22 As gevolg van die situasie hierbo uiteengesit, kan daarna verwys word as 'n "R7 miljoen-oorrol".

23 Jordaan *Estate and Financial Planning* 3. Na dese sal kapitaalwinsbelasting ook by die belastingvorme wat vermy wil word, gevoeg word.

Aangesien ‘n persoon op die totale bates belas word, soos in 2.1.1 hierbo getoon is, word tydens die boedelbeplanningsproses gepoog om die hoeveelheid bates in die oorledene se boedel (en gevolglik die waarde van die boedel) te verminder. Daar word egter gepoog om bloot die bates na ‘n ander entiteit as die boedel oor te dra, sonder om beheer daarvan te verloor en sonder om verdere groei van die bates te verminder.[24]

Dit blyk dat om bates na ‘n entiteit soos ‘n trust *inter vivos* oor te dra, ‘n gewilde metode is.[25] Die voordeel van ‘n trust is dat ‘n skeiding ontstaan tussen die blote formele eiendomsreg en die voordelige genot van ‘n saak.[26] Dit word bereik deur byvoorbeeld die oorspronklike eienaar van die bate as trustee aan te stel en die uiteindelike erfgename as kapitaalbegunstigdes.[27] ‘n Ander metode is om ‘n bate aan ‘n maatskappy oor te dra, terwyl die oorspronklike eienaar ‘n meerderheid voorkeuraandele (wat nie groei toon nie) behou en die oorblywende aandele aan persone wat uiteindelik die erfgename van die boedeleienaar sou wees, oor te dra.[28] Sodoende word die wense van die boedeleienaar vervul in die sin dat die beoogde bevoordeeldes hul voordeel steeds ontvang, maar die koste van die oordrag daarvan bespaar word. ‘n Trust-en-maatskappy-kombinasie kan selfs ingespan word waar bates aan ‘n maatskappy verkoop word, terwyl die aandele daarin aan ‘n trust oorgedra word.[29] Boedeleienaars kan verder bates aan voorgenome erfgename verkoop of skenk,[30] alhoewel laasgenoemde aan skenkingsbelasting onderhewig sal wees.[31]

---

24 *PricewaterhouseCoopers Income Tax Guide* 321.

25 Abrie *et al Boedels: Beplanning en Bereddering* 99.

26 Olivier en Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 176. Daar bestaan egter die gevaar dat ‘n trust bloot geskep word om eiendomsreg in ‘n ander entiteit te plaas, maar die oorspronklike eienaar het steeds dieselfde beheer oor die eiendom. Sulke gevalle word as “skyntrusts” getipeer. Sien in hierdie verband *Badenhorst v Badenhorst* 2005 2 SA 253 (K).

27 Jordaan *Estate and Financial Planning* 91.

28 Jordaan *Estate and Financial Planning* 91. Sien ook Olivier en Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 135.

29 *PricewaterhouseCoopers Income Tax Guide* 321. Sien ook Jordaan *Estate and Financial Planning* 91.

30 *PricewaterhouseCoopers Income Tax Guide* 321.

31 Vir die bespreking van skenkingsbelasting, sien 2.3 hieronder.

Dit is interessant om daarop te let dat die Wet in hierdie opsig – dit wil sê in die moontlikheid van oordrag van bates vanuit ‘n boedel na ander entiteite – nie voorsiening maak vir ‘n teenvermydingsbepaling nie. In teenstelling hiermee maak die *Inkomstebelastingwet*[32] byvoorbeeld in artikel 103(1) en artikel 80A tot 80L voorsiening daarvoor dat maatreëls, waarvan die vernaamste of uitsluitlike oogmerk is om ‘n belastingvoordeel te verkry, ontoelaatbaar is.[33] ‘n Soortgelyke bepaling in die *Boedelbelastingwet* sou die beplanningstegnieke om boedelbelasting te omseil, steeds aan belasting onderwerp en kan aangeneem word dat boedelbelasting sodoende ‘n baie groter inkomste sou toon.

In 2008 is in ‘n konsep-wysigingswet, die *Draft Revenue Laws Amendment Bill*,[34] voorgestel dat ‘n artikel in die *Boedelbelastingwet* ingevoeg word wat as ‘n algemene teenvermydingsbepaling moet dien ingevolge waarvan transaksies met die doel om ‘n ontoelaatbare of ongewenste belastingvoordeel te verkry, belasbaar is.[35] Sodanige stap dui op die neiging van die wetgewer om boedelbelasting op ‘n effektiewer manier te hef. In teenstelling hiermee was ‘n verdere voorstel van die konsep-wysigingswet dat lewensversekeringspolisse, wat deel vorm van ‘n oorledene se belasbare boedel, voortaan uitgesluit word.[36] Hierdie voorstel dui op ‘n tegemoet-komende gebaar deurdat boedeleienaars se belasbare boedelwaarde drasties afneem wanneer lewensversekeringspolisse uitgesluit word. Hierdie konsep-wysigingswet wat vanaf 1 Januarie 2009 sou geld, het egter nooit in werking getree nie.[37]

32 *Inkomstebelastingwet* 58 van 1962.
33 Sien in hierdie verband Jordaan *et al Inkomstebelasting* 662.
34 Beskikbaar by www.treasury.gov.za/draft_bills.
35 Sien Muller *Wealth Transfer Taxation* 218.
36 Sien in hierdie verband Fröhlich 2008 www.gpforum.co.za/forum.
37 Die konsep-wysigingswet is teruggetrek en sou heroorweeg word deur die Tesourie na aanleiding van kritiek wat sekere kommissies gelewer het. Die kritiekpunte het daarop berus dat die algemene teenvermydingsbepaling nie spesifiek vir die doeleindes van boedelbelasting geformuleer is nie. Die Tesourie sou, na die heroorweging van die konsep-wysigingswet, toepaslike maatreëls in werking stel wat “boedelvries”-tegnieke sou aanspreek, maar dit het nooit plaasgevind nie. Sien Muller *Wealth Transfer Taxation* 218-219.

Onder die twee opskrifte hierbo bespreek, is getoon dat boedelbelasting 'n belasting is wat gehef word op die waarde (die term 'rykdom' kan ook gebruik word) van 'n boedel. Verder is getoon hoe sodanige belasting vermy kan word. Boedelbelasting is egter nie die enigste belastingvorm toepaslik by die afsterwe van 'n persoon nie. Vervolgens word kapitaalwinsbelasting, 'n ander belastingvorm van toepassing by die oorlye van 'n boedeleienaar, bespreek.

### *2.2 Kapitaalwinsbelasting*

Kapitaalwinsbelasting (voortaan 'KWB') is vir die doel van hierdie studie relevant aangesien dit, buiten boedelbelasting, 'n belasting is wat onder andere by die dood van 'n persoon gehef word. Gevolglik het die voorsiene KWB-implikasies op 'n persoon se boedel na sy/haar dood die gevolg dat boedelbeplanning ingespan word om nie net boedelbelasting nie, maar ook KWB, tot die minimum te beperk.[38]

KWB is 'n relatiewe nuwe toevoeging tot die Suid-Afrikaanse belastingreg, aangesien dit eers sedert 1 Oktober 2001 gehef word. Die belasting word slegs gehef op winste wat spruit uit vervreemding of beskikking van bates wat plaasvind op of na 1 Oktober 2001. Die rede waarom KWB gehef word, is dat 'n wins gerealiseer op 'n kapitale bate ekonomies nie verskillend van 'inkomste' is nie.[39] KWB is dus, anders as wat vermoed word, nie 'n belasting op kapitaal of rykdom nie, omdat net die *wins*, nie die *kapitaalbasis* nie, belas word.[40]

Vervolgens word die kenmerke van KWB kortliks opgesom. KWB word gehef ingevolge die Agste Bylae van die *Inkomstebelastingwet* – ingevolge waarvan 'n persoon vir 'n bepaalde belastingjaar op sy/haar kapitaalwins belas word.[41]

---

38 Dit is juis die feit dat beide boedelbelasting en KWB by dood gehef word dat die regverdigheid van boedelbelasting in geskil is. Sien in hierdie verband 4.1.1 hieronder.

39 Galvin (red) *LexisNexis Practical Guide to CGT* 3.

40 Daar bestaan egter argumente wat hierdie stelling teenstaan. 'n Tipiese argument is dat inflasie 'n effek het dat "denkbeeldige" (nie-werklike) winste vir 'n persoon bewerkstellig word en dus word die kapitaal tog in effek belas. Sien in hierdie verband Galvin (red) *LexisNexis Practical Guide to CGT* 3.

41 Art 26A van die *Inkomstebelastingwet*.

Dit moet beklemtoon word dat KWB nie as sodanig 'n aparte belasting daarstel nie, maar bloot deel vorm van 'n persoon se jaarlikse belastingaanslag.

'n Kapitale wins of verlies by die vervreemding van 'n bate word oor die algemeen bereken deur die verskil tussen die basiskoste[42] en die opbrengs by die beskikking daarvan.[43] 'Beskikking' word in die Agste Bylae omskryf[44] en vind plaas wanneer 'n gebeurtenis, daad, toegewing of werking van die reg aanleiding gee tot die ontstaan, oordrag, verandering of vernietiging van 'n bate.[45] Aangesien die dood van 'n persoon (boedel-eienaar) aanleiding gee tot die oordrag van bates, word die dood van sodanige persoon as 'n beskikking geag.[46]

Die metode van berekening van 'n jaarlikse KWB word soos volg gedoen. Ten eerste word 'n persoon se totale kapitaalwinste en –verliese bereken.[47] Hierna word laasgenoemde bedrag met die jaarlikse uitsluiting[48] verminder, wat tans R17 500 beloop. In gevalle waar die sterfte van die eienaar van die betrokke bate as beskikking daarvan geld, word 'n vermindering van R120 000 gedoen. Hierdie bedrag stel die netto kapitaalwins daar en word teen 'n koers van 25% belas, wat die belasbare kapitaalwins daarstel.[49] Hierdie belasbare kapitaalwins word uiteindelik, soos reeds hierbo vermeld, by 'n

42 Basiskoste word bereken ingevolge par 22(1) van die Agste Bylae en bestaan gewoonlik uit die koste van verkryging van die bate plus sekere kategorieë van onkoste soos in par 20(1) uiteengesit. Sien Jordaan *et al Inkomstebelasting* 714 en Williams *Capital Gains Tax* 46.

43 Williams *Capital Gains Tax* 12.

44 Par 11(1) van die Agste Bylae.

45 Jordaan *et al Inkomstebelasting* 716.

46 Par 11(1)(a) van die Agste Bylae lui soos volg: "Die verkoop, skenking, onteiening, omskakeling, verlening, sessie, uitruil of *enige ander vervreemding of oordrag van eienaarskap* van 'n bate." Eie kursivering.

47 Jordaan *et al Inkomstebelasting* 714-715. Indien 'n persoon slegs kapitaalverliese in 'n betrokke jaar gely het, sal daardie kapitaalverliese na die volgende jaar van aanslag oorgedra word en dus laasgenoemde jaar se betrokke kapitaalwins verminder. Sien in hierdie verband Jordaan *et al Inkomstebelasting* 714.

48 Par. 5(1)-(2) van die Agste Bylae. Jaarlikse uitsluitings is beskikbaar slegs vir natuurlike persone en spesiale trusts. Sien in hierdie verband Williams *Capital Gains Tax* 16.

49 25% is die koers waarteen natuurlike persone en spesiale trusts belas word. Sien in hierdie verband Williams *Capital Gains Tax* 3 en Jordaan *et al Inkomstebelasting* 715.

persoon se belasbare inkomste vir ‘n betrokke jaar se belastingaanslag ingesluit.

Aangesien ‘n boedeleienaar by sy afsterwe KWB betaal op ‘n bepaalde bate in sy boedel, maar daardie bate ook die waarde van sy boedel laat verhoog en gevolglik die boedelbelasting betaalbaar verhoog, word belasting effektief twee maal op dieselfde bate gehef.

Noudat KWB as ‘n verdere belastingvorm wat gehef word by die afsterwe van ‘n boedeleienaar bespreek is, is dit duidelik dat die hef van beide boedelbelasting én KWB tot dubbele belasting aanleiding gee. Dit is egter nie die enigste belastingvorm wat by die bestudering van boedelbelasting relevant is nie. Aangesien skenkingsbelasting, soos in die volgende onderafdeling getoon word, in samehang met boedelbelasting werk, word dit vervolgens bespreek.

### *2.3 Skenkingsbelasting*

Skenkingsbelasting is relevant vir hierdie studie aangesien dit ‘n manier verteenwoordig waarmee boedelbelasting omseil kan word.[50] Dit het verder, nes boedelbelasting, ook die doel en begronding dat dit ‘n belasting is op die oordrag van rykdom.[51] Dit het in samehang met boedelbelasting in 1955 in werking getree, met die volgende wat as rede daarvoor gegee is, soos aangehaal deur Beneke, Davis en Jooste[52]:

> It serves a double purpose. In the first place the donor reduces the assets on which estate duty would be payable at death, and in addition whilst he is still alive, he reduces his income tax, because by means of these donations the assets, and hence also the income derived therefrom, are spread over a great number of taxpayers.

Dit blyk dus dat skenkingsbelasting en boedelbelasting komplementêr teenoor mekaar staan in die sin dat skenkingsbelasting die belasting verteenwoordig

---

50 Venter 2010 *Burger Geldsake* 24.
51 Jordaan et al *Inkomstebelasting* 673.
52 Beneke Davis en Jooste *Estate Planning* 2-44(6).

wat deur boedelbelastingvermyding die staatskas ontneem word. Muller[53] verwys gepas in hierdie konteks na skenkingsbelasting as "estate duty paid in advance". Dit laat ook die noodwendige vraag ontstaan of skenkings-belasting dus saam met boedelbelasting afgeskaf behoort te word.

Skenkingsbelasting het dieselfde en gelyktydige koersveranderings as boedelbelasting ondergaan.[54] Skenkingsbelasting word sedert 2001 ook teen 20% gehef.

Vervolgens word die basiese kenmerke van skenkingsbelasting uiteengesit. Skenkingsbelasting word ingevolge die *Inkomstebelastingwet* gehef. 'n Skenking word as "enige gratis oormaak van eiendom of gratis afstanddoening van 'n reg" omskryf.[55] Waar eiendom verkoop word teen 'n prys wat nie 'n redelike vergoeding verteenwoordig nie, word dit ook as 'n skenking geag.[56]

Soortgelyk aan die kortings van toepassing by boedelbelasting, word sekere skenkings vrygestel. Die vernaamstes hiervan is die volgende: skenkings aan of tot voordeel van gades,[57] ook sodanige skenkings ingevolge geregistreerde voor- of na-huwelikse notariële kontrakte,[58] skenkings *mortis causa*,[59] skenkings wat binne ses maande vanaf skenking gekanselleer word,[60] skenkings van buitelandse eiendom,[61] asook skenkings aan onder meer openbare weldaadsorganisasies, politieke partye, navorsings-instansies, die Staat, goedgekeurde ontspanningsklubs, ensovoorts.[62] Verder word 'n

53 Muller *Wealth Transfer Taxation* 260.
54 Kourie en Ryder *Estate Planning Easiguide* 131.
55 A55(1) van die *Inkomstebelastingwet*.
56 A58 van die *Inkomstebelastingwet*.
57 A56(1)(b) van die *Inkomstebelastingwet*.
58 A56(1)(a) van die *Inkomstebelastingwet*.
59 A56(1)(c) van die *Inkomstebelastingwet*.
60 A56(1)(e) van die *Inkomstebelastingwet*.
61 A56(1)(g) van die *Inkomstebelastingwet*. Die eiendom moes egter bekom gewees het voordat die persoon 'n inwoner geword het of vanuit 'n erflating of skenking van 'n persoon wat ten tye van sodanige dood of skenking nie 'n inwoner was nie.
62 A56(1)(h) van die *Inkomstebelastingwet*.

basiese vrystelling per natuurlike persoon per jaar van aanslag toegelaat,[63] wat tans R100 000 beloop.

Noudat die teoretiese aspekte rondom die hef van drie belastingvorme in paragrawe 2.1, 2.2 en 2.3 hierbo bespreek is, is dit noodsaaklik om die praktiese realiteit van die prestasie van boedelbelasting in Suid-Afrika in oënskou te neem.

### *2.4 Die prestasie van boedelbelasting in terme van bydrae tot staatsinkomste*

Die situasie ten aansien van die Suid-Afrikaanse boedelbelasting soos dit tans daar uitsien, word vervolgens bespreek. Die bedrae en statistiek hieronder uiteengesit, is gebaseer op 'n inligtingstuk van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens soos beskikbaar ten tye van hierdie studie.[64]

Vir die 2008/2009-begrotingsjaar is 'n totaal van R608 795,7 miljoen geïn. Die totale bedrag ontvang uit belasting op eiendom het R9 477,1 miljoen beloop, waarvan R756,7 miljoen boedelbelasting is.

Vir die 2009/2010-begrotingsjaar, waarvan die syfers ten tye van hierdie studie nog nie beskikbaar is nie, word slegs geskatte waardes aangebied. Die totale bedrag ontvang uit belasting word beraam op R571 492 miljoen, terwyl 'n beraming van R 740 miljoen vir boedelbelasting gemaak word.[65]

Die bedrae hierbo genoem kan vergelyk word met die werklike bedrae geïn in vorige jare:

---

63 A56(2) van die *Inkomstebelastingwet*.

64 http://www.sars.gov.za. Die inligtingstuk is 'n elektroniese dokument wat as bylae vir die 2010-begrotingsoorsig dien en by pasvermelde webwerf beskikbaar is.

65 'n Beraming van 'n vermindering van 2,2% word gemaak.

Tabel 1

| | 2006/2007 | 2007/2008 | 2008/2009 |
|---|---|---|---|
| Totale belasting | R481 197,0 milj. | R559 773,8 milj. | R608 795,7milj. |
| Boedelbelasting | R747,7 milj. | R691,0 milj. | R756,7 milj. |
| Persentasie van totale belasting | 0,1554% | 0,1234% | 0,1243% |

Indien boedelbelasting met ander belastingvorme vergelyk word, is dit duidelik dat boedelbelasting 'n baie beskeie bydrae tot die totale belastinginkomste lewer. Vir die 2008/2009-begrotingsjaar kan die bydrae van boedelbelasting soos volg met ander belastingvorme vergelyk word:

Tabel 2

| *Belasting* | *Bedrag bygedra* | *Persentasie van totale belasting* |
|---|---|---|
| Boedelbelasting | R756,7 milj. | 0,1243% |
| Inkomstebelasting van individue | R195 115,0 milj. | 32,0493% |
| Maatskappyebelasting Op inkomste en wins | R165 378,3 milj. | 27,1648% |
| Hereregte | R4930,9 milj. | 0,8099% |
| Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW) | R154 343,1 milj. | 25,3522% |
| Skenkingsbelasting | R125 milj. | 0,0205% |

Uit bogenoemde bedrae is dit duidelik dat boedelbelasting, in vergelyking met ander belastingvorme, 'n besonder klein bydrae lewer. Trouens, die enigste ander belastingvorme wat 'n kleiner bydrae as boedelbelasting lewer, is skenkingsbelasting (R125 miljoen), belasting op aftreefondse (R143,3 miljoen) en lugvaartvertrekbelasting (R549,4 miljoen).

Aangesien KWB deel vorm van die totale inkomste uit inkomstebelasting, is daar in die dokument wat bovermelde bedrae uiteensit, nie pertinent na bedrae wat inkomste gegenereer uit KWB toon, verwys nie.

## 3 *Ratio* vir en teen die hef van boedelbelasting

In afdeling 2 is die huidige situasie ten aansien van boedelbelasting in die Suid-Afrikaanse belastingreg uiteengesit. Dit behoort duidelik uit hierdie uiteensetting, soos gestaaf deur statistiese bewyse, te blyk dat boedelbelasting inderdaad ‘n belastingmeganisme is wat nie ‘n noemenswaardige bydrae maak tot die totale inkomste uit belasting gegenereer nie.[66]

Voordat die argumente waarom boedelbelasting afgeskaf behoort te word, aan die hand van die regsopinies van verskeie outeurs uiteengesit word,[67] is dit uit logiese oorweging nodig om eers die begronding te bespreek waarom boedelbelasting in die eerste plek hoegenaamd gehef is. Hierdie begronding kan as teenargument dien wat, afhangende van die sterkte daarvan, die behoud van boedelbelasting bepleit. Vervolgens word hierdie temas onderskeidelik bespreek.

### *3.1 Gronde vir die hef van boedelbelasting*

#### *3.1.1 Staatsinkomste*

Boedelbelasting dra by tot staatsinkomste, ‘n kenmerk wat met alle ander vorme van belasting gedeel word. Hierdie eienskap word deur outeurs as ‘n grond vir die heffing daarvan getipeer.[68] Dobris[69] sluit hierby aan deur die volgende stelling te maak: boedelbelasting maak tóg ‘n bydrae tot staatsinkomste en daarom behoort hierdie belasting nie sonder meer afgeskaf te word bloot omdat die bydrae wat dit lewer beskeie is nie. Wampler[70] gaan

---

66 Vergelyk 2.4 hierbo.
67 Die bespreking wat hierna volg, is gebaseer op die gepubliseerde regsmenings van akademici in die buiteland. Die argumente wat deur die outeurs aangevoer word, het vanselfsprekend betrekking op die situasies in die betrokke lande waarin die artikels gepubliseer is. Die beginsels waarop die argumente gesteun word, is egter van universele aard en dus ook op die Suid-Afrikaanse posisie van toepassing, aangesien dit grotendeels op basiese ekonomies-fiskale beginsels berus.
68 Schlachter 1999 *Virginia Tax Review* 789.
69 Dobris 1984 *Syracuse Law Review* 1227.
70 Wampler 2001 *Seton Hall Legislative Journal* 538.

selfs sover om dit as ‘n *belangrike* bron van staatsinkomste te ag, aangesien dit substansiële bedrae van etlike miljoene na die staat kanaliseer.

Hierdie sogenaamde “elke bietjie help”-argumentasie is egter van ‘n té eensydige aard aangesien dit nie die totale omvang van inkomste geïn deur die staat in ag neem nie. Ook op Suid-Afrikaanse bodem lyk dit na ‘n eenvoudige uitweg om die argument aan te voer dat in die 2008/2009-begrotingsjaar die staatskas R756,7 miljoen vanuit boedelbelasting ontvang het wat andersins deur belastingbetalers behou sou word. Die realiteit is egter dat hierdie bedrag maar ‘n skamele 0,079% van die totale belasting op eiendom en inkomste verteenwoordig.[71]

### *3.1.2 Herverdeling van rykdom*

Die begronding van boedelbelasting vind verder neerslag in die basiese *ratio* van belasting oor die algemeen, naamlik dat die burgers van ‘n staat op hul inkomste en/of rykdom belas word en dat hierdie geakkumuleerde fondse aangewend word vir die funksionering van die betrokke staat se regering.[72] Buiten die feit dat inkomste en/of rykdom in die hande van die eienaars daarvan verminder word, word dit gevolglik herverdeel deurdat dit die staat toekom en laasgenoemde dit tot die voordeel van die burgers aanwend.[73] Hierdie konsep berus daarop dat belasting op ‘n “regverdige” wyse gehef word.

Die idee bestaan dat “regverdigheid” beskou word as ‘n standaard vir die beoordeling van verskille in belasting van verskillende (klasse) persone.[74] Hierdie idee verwys na horisontale en vertikale billikheid (“equity”), ingevolge waarvan persone met dieselfde finansiële posisie aan gelyke belasting onderworpe behoort te wees (horisontale billikheid), en persone met gunstiger

71 Gebaseer op statistiek beskikbaar by http://www.sars.gov.za en http://www.statssa.gov.za. Sien 2.4 hierbo.
72 Sien Mohr en Fourie *Ekonomie* 428.
73 Cordes Ebel en Gravelle *Encyclopedia of Taxation and Tax Policy* 1.
74 Lee 2007 *Legal Studies* 694.

finansiële posisies aan strawwer belasting onderworpe behoort te wees as die daarsonder (vertikale billikheid).[75]

Juis ter bereiking van beide vertikale en horisontale billikheid, word boedelbelasting gevolglik gehef op boedels van ‘n sekere minimum grootte, met die noodwendige implikasie dat die welgesteldste persone in ‘n samelewing die grootste las dra. In eenvoudiger leketerme word dit soos volg uiteengesit: “The proper allocation of the tax burden in our society requires that the wealthy be taxed”[76] asook die volgende stelling:

> The … tax does play a role in the fair distribution of the tax burden in our society by raising revenue from those best able to provide it: rich people.[77]

In die lig van die bogenoemde stellings lê die begronding van boedelbelasting daarin dat boedelbelasting as teenmeganisme moet dien vir die ophoping van groot hoeveelhede rykdom, aangesien die gevaar bestaan dat die eienaars hiervan andersins te veel mag op ekonomiese en politieke gebied sal hê.[78]

### *3.1.3 Regverdigbaarheid van boedelbelasting*

Buiten die begrondings soos in 3.1.1 en 3.1.2 uiteengesit, bestaan verdere argumente wat nie noodwendig die heffing van boedelbelasting begrond nie, maar tog as ondersteuning daarvoor dien.

Redman[79] meld dat, aansluitend tot die idee van herverdeling van rykdom en fiskale billikheid, wat op *ekonomiese* beginsels berus, die belasting van boedels (en gevolglik die effektiewe verkleining van erfdele) op ‘n *filosofiese* grondslag regverdigbaar is: erfgename is nie soseer moreel geregtig op rykom wat nie self verdien is nie. McCaffery[80] sluit hierby aan met die stelling dat, beide in die Engelse en Amerikaanse reg, geeneen ‘n reg tot ‘n erfdeel

---

75 Lee 2007 *Legal Studies*, 695. Sien in hierdie verband ook Baumol en Blinder *Economics: Principles and Policy* 384.
76 Dobris 1984 *Syracuse Law Review* 1229.
77 Dobris 1984 *Syracuse Law Review* 1228.
78 Lee 2007 *Legal Studies* 698.
79 Redman 2000 *Akron Tax Journal* 57.
80 McCaffery *Fair, not flat* 65.

het nie, en dat boedelbelasting dus regverdigbaar is aangesien dit nie ‘n invloed het op iets waarop ‘n persoon geregtig is nie. Dieselfde situasie geld in die Suid-Afrikaanse reg.

Voorts argumenteer Dobris[81] dat belasting onafwendbaar is en dat die dood ‘n gunstige stadium is om belasting in te samel:

> Taxes are inevitable and death, or the transfer of unneaded property, is a good time to collect. The taxpayer is dead and obviously does not care, or has decided to give away surplus property. As long as the tax only affects rich people, it does not interfere … with the welfare of the family survivors.

Redman voer aan dat erflatings die aansporing om arbeid te verrig by erfgename verminder en gevolglik ekonomiese groei negatief kan beinvloed.[82] Die afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat boedelbelasting as teenwig hiervoor kan dien. Ook Wampler[83] voorsien die moontlikheid dat die belasting van erflatings (en gevolglik die vermindering daarvan) hierdie probleem kan oorbrug. Daar word egter aan die hand gedoen dat hierdie “vermindering van die aansporing om arbeid te verrig” uitgebalanseer word deur die insentief van die erflater om rykdom aan sy erfgename na te laat, wat weer op sigself ‘n “aansporing tot arbeid” vir laasgenoemde is.[84]

### *3.2 Argumente waarom boedelbelasting afgeskaf behoort te word*

Die bespreking – soos in 3.1 hierbo uiteengesit – lig die teoretiese en ekonomiese meriete vir die hef van boedelbelasting uit. Alhoewel hierdie begronding uit ‘n suiwer objektiewe oogpunt gewig dra, behoort die praktiese realiteit in ag geneem word. Die argumente vir die afskaffing van boedelbelasting is grotendeels op die gebrekkigheid op praktiese vlak gebaseer, maar kan ook op die teoretiese basis gestaaf word.

81 Dobris 1984 *Syracuse Law Review* 1228.
82 Redman 2000 *Akron Tax Journal* 57.
83 Wampler 2001 *Seton Hall Legislative Journal* 540-541.
84 Wampler 2001 *Seton Hall Legislative Journal* 541.

Een van die faktore wat moontlik aanleiding tot die debat aangaande die afskaffing van boedelbelasting gegee het, is die politieke onpopulariteit daarvan.[85] Blote onpopulariteit dra egter nie genoeg gewig om as ‘n selfstandige argument geklassifiseer te word nie, aangesien daar kwalik enige vorm van belasting is wat deur die betalers daarvan met ‘n positiewe gesindheid bejeën word.

### *3.2.1 Oneffektiwiteit*

Die effektiwiteit van ‘n belasting hang onder meer af van die inkomste wat daaruit gegenereer word. Juis daarom is die grootste oorweging vir die siening dat boedelbelasting uitgedien is, gebaseer op die ekonomiese oneffektiwiteit daarvan. Die bepaling van effektiwiteit behels verder dat ‘n vergelyking getref behoort te word tussen die inkomste wat boedelbelasting genereer en die koste daarvan om dit in stand te hou.[86]

Soos in 2.4 hierbo met statistiese bewyse gestaaf is, lewer boedelbelasting in Suid-Afrika ‘n bydrae van skaars 0,1% tot die totale belasting geïn vir die 2008/2009-begrotingsjaar. Ook in ander regstelsels word soortgelyke bewyse aangevoer ter steuning van die afskaffing van boedelbelasting. Lee voer aan dat boedelbelasting in die Verenigde Koninkryk ‘n bydrae van 0,84% gelewer het ten tye van publikasie.[87] Wampler toon dat boedelbelasting in die Verenigde State in 1999 tussen 1% en 2% van die totale federale inkomste gelewer het, in vergeleke met die 1930’s waar persentasies van tussen 27% en 56% geïn is.[88]

Indien die situasie in Suid-Afrika[89] met laasgenoemde state vergelyk word, is dit opmerklik dat die Suid-Afrikaanse proporsionele bydrae heelwat minder is. Dit laat die vraag ontstaan waarom daar nie reeds lank tevore die moontlikheid van die afskaffing van boedelbelasting geopper is nie. Dit moet

---

85 Redman 2000 *Akron Tax Journal* 36. Sien in hierdie verband ook Dobris 1984 *Syracuse Law Review* 1225.
86 Dobris 1984 *Syracuse Law Review* 1222. Sien 4.1.3 hieronder.
87 Lee 2007 *Legal Studies* 699-700.
88 Wampler 2001 *Seton Hall Legislative Journal* 534.
89 Sien 3.1.1 hierbo asook 2.4.

egter in gedagte gehou word dat die koers waarteen boedelbelasting tans in Suid-Afrika gehef word, 20% is, in vergelyking met koerse van so hoog as 55% in die Verenigde State,[90] wat hierdie gaping kan verduidelik.

### *3.2.2 Die herverdeling van rykdom as begronding slaag nie*

Soos in 3.1.2 hierbo uiteengesit, lê die begronding van boedelbelasting daarin dat 'n herverdeling van rykdom in die samelewing plaasvind. Dobris[91] voer egter aan dat hierdie doel nie bereik word nie, aangesien die realiteit toon dat groot konsentrasies rykdom nie opgebreek en versprei word nie.

Hierdie argument dra meriete. Aangesien persone juis van boedelbeplanning gebruik maak om boedelbelasting te vermy, word die minimum boedelbelasting effektief betaal. Die boedelbelasting wat wel betaal word, is afkomstig vanuit 'n klein groepie persone wat nie noodwendig die welgesteldste deel van die samelewing verteenwoordig nie.

Wampler[92] belig voorts 'n verdere dimensie in die verdeling van rykdom in die sin dat boedelbelasting belastingbetalers geld laat bestee aan spesialiste sodat belasting vermy kan word. Hy maak die stelling dat boedelbelasting gevolglik 'n oneffektiewe disposisie van die eienaarskap van rykdom tot gevolg het, ingevolge waarvan rekeningkundiges en boedelbeplanners bevoordeel word in plaas van die staat.[93]

### *3.2.3 Boedelbelasting ontmoedig spaaraktiwiteit*

Aangesien boedelbelasting 'n belasting op rykdom eerder as inkomste is, kan aangeneem word dat boedelbelasting persone ontmoedig om tot die kapitale

90 Sien Redman 2000 *Akron Tax Journal* 66.
91 Dobris 1984 *Syracuse Law Review* 1218.
92 Wampler 2001 *Seton Hall Legislative Journal* 534-535.
93 Wampler 2001 *Seton Hall Legislative Journal* 535.

groei van hul boedel by te dra deur te spaar.[94] Hierdie idee word ook deur McCaffery[95] ondersteun:

> [Estate tax] attempts to tax savings directly: the unspent wealth left over at the end of the saver's life. Taxing saving also pushes people not to save in the first place, or to engage in intricate manipulations to avoid taxations, both of which are inefficient things to do.

Schlachter[96] wys op die gevare verbonde aan die ontmoediging om kapitaal op te bou, waar bestedingsaktiwiteit bo die spaar- en beleggingsaktiwiteite aangemoedig word: aangesien die welgesteldes reeds die meeste bestaande kapitaal besit, "word die rykes in effek ryker." Hierdie stelling dien as verdere ondersteuning vir die idee dat boedelbelasting as meganisme om rykdom te herverdeel, nie slaag nie.

Lee[97] voer egter aan dat hierdie argument nie soveel gewig dra nie: Persone sal deurgaans die behoefte hê om te spaar vir hul aftreedae, welgestelde persone spaar dikwels vir liefdadigheidsdoeleindes en boonop word korporatiewe spaaraktiwiteite nie deur boedelbelasting beïnvloed nie. Gale, Hines en Slemrod[98] gee ook toe dat daar nie noodwendige bewyse bestaan vir die argument dat boedelbelasting spaaraktiwiteite ontmoedig nie.

## 4 Evaluering van boedelbelasting in Suid-Afrika

In hierdie afdeling word die Suid-Afrikaanse situasie ten aansien van boedelbelasting (soos in afdeling 2 uiteengesit) aan die hand van die argumente waarom boedelbelasting afgeskaf behoort te word (soos in afdeling 3 uiteengesit), geëvalueer. In die eerste deel word spesifiek verwys na universele kriteria wat die geslaagdheid van 'n belasting bepaal; in die tweede deel word gefokus spesifiek op die Suid-Afrikaanse boedelbelasting

---

94 Gale Hines en Slemrod *Rethinking Estate and Gift Taxation* 216. Sien ook Burke en McCouch 2001 *Virginia Tax Review* 500 en Cordes Ebel en Gravell *Encyclopedia of Taxation and Tax Policy* 118.

95 McCaffery *Fair, not flat* 67.

96 Schlachter 1999 *Virginia Tax Review* 792.

97 Lee 2007 *Legal Studies* 703.

98 Gale Hines en Slemrod *Rethinking Estate and Gift Taxation* 235. Sien ook Dobris 1984 *Syracuse Law Review* 1223 in hierdie verband.

en die evaluering daarvan aan die aanvanklike oogmerke daarmee met die inwerkingtreding daarvan in 1955. Voorts word verdere kritiekpunte teen die Suid-Afrikaanse heffing van boedelbelasting bespreek.

### *4.1 Maatstawwe waaraan 'n belastingstelsel moet voldoen*

Outeurs het verskillende maatstawwe of standaarde ontwikkel waaraan 'n belastingstelsel moet voldoen voordat dit as geslaagd geag kan word. Die outeur Schlachter[99] lê 'n model van vier standaarde neer, naamlik regverdigheid, neutraliteit, effektiwiteit en eenvoud. Hierdie standaarde toon ooreenkomste met beginsels wat in die ekonomie neergelê is as kriteria vir 'n goeie belasting: neutraliteit, billikheid en administratiewe eenvoud.[100]

Hierdie maatstawwe oorvleuel verder grotendeels met die argumente waarom boedelbelasting afgeskaf behoort te word. Die maatstawwe word hierna uiteengesit, telkens met spesifieke verwysing na die Suid-Arikaanse situasie.

#### *4.1.1 Regverdigheid*

Die konsep "regverdigheid" het 'n ekonomiese begronding, naamlik die sogenaamde vermoë-om-te-betaal-beginsel.[101] Hierdie beginsel verwys na die idee van vertikale en horisontale billikheid, wat reeds in 3.1.2 hierbo uiteengesit is.[102] Schlachter[103] voer aan dat boedelbelasting beide vorme van billikheid omverwerp aangesien persone, deur middel van boedelbeplanningstegnieke, boedelbelasting vermy. Cooper[104] meld dat, aangesien boedelbelasting so maklik omseil kan word, dit eintlik as 'n vrywillige belasting beskou kan word. Die situasie in die Suid-Afrikaanse belastingreg doen gestand aan sodanige stelling.

---

99 Schlachter 1999 *Virginia Tax Review* 792-797.

100 Mohr en Fourie *Ekonomie* 429-430. Die Skotse filosoof en ekonoom Adam Smith het billikheid, ekonomiese regverdigbaarheid, gerieflikheid en sekerheid as grondbeginsels vir 'n goeie belasting geag. Sien in hierdie verband Mohr en Fourie *Ekonomie* 428.

101 Mohr en Fourie *Ekonomie* 429.

102 Schlachter 1999 *Virginia Tax Review* 792.

103 Schlachter 1999 *Virginia Tax Review* 793.

104 Cooper *Columbia Law Review* 77.

‘n Verdere aspek wat in gedagte gehou moet word, is die vergelyking tussen diegene wat ‘n bepaalde belasting betaal en diegene wat die koste om daardie belasting in stand te hou, dra. Soos aangetoon, is die inkomste gegenereer uit boedelbelasting minimaal en is dit ‘n baie klein groepie belastingpligtiges wat boedelbelasting betaal.[105] Tog word die instandhouding van belasting (en dus ook boedelbelasting) effektiewelik deur alle belastingbetalers gedra, ‘n situasie wat as onregverdig beskryf kan word.

Voorts kan aangevoer word dat, aangesien KWB reeds by afsterwe van ‘n persoon gehef word, sodanige persoon se boedel dubbeld aan belasting onderwerp word.[106] ‘n Situasie wat toon dat beide KWB en boedelbelasting op ‘n bepaalde bate by die afsterwe van ‘n boedeleienaar betaalbaar is, is reeds in onderafdeling 2.2 uiteengesit. Sodanige dubbele belasting dui by uitstek op onregverdigheid en dien as sterk argument vir die afskaffing van boedelbelasting.

### *4.1.2 Neutraliteit*

Daar moet onderskei word tussen neutraliteit van ‘n belasting in die ekonomiese sin van die woord en neutraliteit spesifiek by boedelbelasting.

Die neutraliteit van ‘n belasting hou in dat dit minimale invloed op die gedrag van belastingbetalers behoort te hê.[107] Neutraliteit by boedelbelasting hou in dat die belasting nie die gedrag van belastingbetalers behoort te beïnvloed nie insoverre daar aan een vorm van bemaking (of oordrag van rykdom) bo ‘n ander voorkeur gegee word nie.[108] Dit is ‘n wêreldwye verskynsel dat persone hul bates graag na entiteite soos trusts oordra, met die doel om hul boedels te verklein om sodoende boedelbelasting te spaar. Ook in Suid-Afrika is dit ‘n gewilde metode.[109] Schlachter[110] noem dat, bloot omdat boedelbelasting

---

105 Sien 2.4 hierbo.
106 Venter 2010 *Burger* 24.
107 Mohr en Fourie *Ekonomie* 429.
108 Schlachter 1999 *Virginia Tax Review* 794.
109 Sien 2.1.2 hierbo.
110 Schlachter 1999 *Virginia Tax Review* 794.

effektief belastingbetalers se besluite aangaande beleggingsbesluite beïnvloed, boedelbelasting nie as 'n neutrale belasting geag kan word nie.

Soos in afdeling 3 hierbo getoon is,[111] het boedelbelasting dikwels die gevolg dat boedeleienaars verkies om nie kapitaal op te bou nie en hul inkomste te bestee eerder as om by spaar- en beleggingsaktiwiteite betrokke te raak. Sodanige optrede word in die ekonomie as 'n ontmoedigingseffek gedefinieer.[112] Die negatiewe gevolg van hierdie gedrag van persone as gevolg van die ontmoedigingseffek, is dat die welvaart van 'n gemeenskap verlaag[113] – wat verder oor die algemeen 'n negatiewe effek op die ekonomie het.

*4.1.3 Effektiwiteit*

Die effektiwiteit van 'n belastingstelsel hang af van 'n vergelyking van die inkomste daaruit gegenereer met die koste aangegaan ter realisering van daardie inkomste.[114] 'Koste' by belasting kan op twee maniere uiteengesit word: ten eerste, die koste wat belastingbetalers aangaan om aan die die belasting te voldoen (nakomingskoste); ten tweede, die koste deur die owerheid aangegaan om die inkomste te realiseer (in die vorm van administrasiekoste).[115]

Beide bogenoemde begrippe is op boedelbelasting van toepassing, alhoewel nakomingskoste eerder die *vermyding* van die belasting eerder as die *nakoming* daarvan behels. Dit is 'n wêreldwye verskynsel dat persone wat boedelbelasting wil vermy, uitgawes aangaan om kundige advies te verkry om boedelbelbelasting tot die minimum te beperk.[116] Gale en Slemrod[117] maak melding daarvan dat die Inkomstediens van die VSA beraam het dat

---

111 Sien 3.2.3 hierbo.
112 Mohr en Fourie *Ekonomie* 429.
113 Mohr en Fourie *Ekonomie* 429. Sien ook Dobris 1984 *Syracuse Law Review* 1222, 1225.
114 Schlachter 1999 *Virginia Tax Review* 794.
115 Schlachter 1999 *Virginia Tax Review* 794.
116 Dobris 1984 *Syracuse Law Review* 1220; Wampler 2001 *Seton Hall Legislative Journal* 535.
117 Gale en Slemrod 2001 *Journal of Economic Perspectives* 213.

nakomingskoste by boedelbelasting tot 7% van die werklike inkomste daaruit beloop.

Alhoewel statistiek soos bogenoemde nie geredelik vir die Suid-Afrikaanse situasie beskikbaar is nie, is dit nietemin 'n realiteit dat boedelbeplanning grootliks op boedelbelastingvermyding gemik is en dat die inwin van sodanige professionele advies grootskaalse uitgawes vir boedeleienaars inhou.

*4.1.4 Eenvoud*

Die eenvoud van 'n belasting behels 'n hele aantal aspekte. Die mees logies-afleibare aspek is die mate van kompleksiteit van die *berekening* van 'n belasting, waarvan die 'keersy' die *vermyding* daarvan is: hoe ingewikkelder die belasting is om te bereken, hoe makliker is dit om skuiwergate te vind om dit te vermy.[118] Die eenvoud van 'n belasting het gevolglik 'n direkte verband met nakomingskoste en administrasiekoste.[119] Dit is vanselfsprekend dat die kompleksiteit van 'n belasting beide administrasie- en nakomingskoste laat styg.

Soos in 2.1.1 hierbo uiteengesit is, behels die berekening van boedelbelasting 'n proses waartydens verskillende faktore in ag geneem moet word. 'n Boedelberedderaar en –beplanner moet onder meer let op vruggebruik, jaargelde, polisse, buitelandse bates, bemakings *mortis causa* en die aard van sodanige bates om te bepaal of dit as 'geagte' bates kwalifiseer al dan nie.[120] Hierdie aktiwiteite is van tydrowende aard. Tog is Suid-Afrikaanse boedelbelastingreg waarskynlik, in vergeleke met boedelbelasting in ander lande, relatief eenvoudig. Schlachter[121] maak melding van gevalle waar die Inkomstediens van die VSA beraam het dat die gemiddelde eksekuteur nagenoeg dertien uur neem om die boedelbelastingberekening van 'n

---

118 Jones en Rhoades-Catanach *Principles of Taxation* 28; Mohr en Fourie *Ekonomie* 430.

119 Mohr en Fourie *Ekonomie* 429-430.

120 Hierdie aktiwiteite behels onder meer die bepaling van die waarde van aandele soos deur die SAID voorgeskryf, bepaling van die wyse waarop buitelandse bates bekom is, ens.

121 Schlachter 1999 *Virginia Tax Review* 796.

betrokke boedel te voltooi, uitsluitend die bestudering van relevante wetgewing, die byhou van rekords en ander administratiewe take wat met boedelbelasting gepaard gaan.

Daar kan volstaan word daarby dat die berekening van boedelbelasting ‘n tydrowende proses is. Hierdie feit moet opgeweeg word teen die feit dat boedelbelasting proporsioneel min staatsinkomste lewer en dat van ‘n baie klein persentasie boedels boedelbelasting verhaal word, soos hierbo in 2.4 getoon. Dit is bloot onprakties dat soveel tyd en moeite aan so ‘n nietige bron van staatsinkomste gespandeer word.

### *4.2 Vraagstuk: Word boedels belas wat aanvanklik deur die wetgewer beoog is?*

Die bespreking soos hierbo in 4.1 uiteengesit, fokus op beginsels wat universeel toepassing vind op alle regstelsels se belastingsisteme. Vir die doel van hierdie studie is dit egter nodig om na die oorsprong en basis van boedelbelasting, in die vorm van die Wet, ondersoek in te stel. In die bestudering van die wetsteks is die belangrikste oorweging die oogmerk van die wetgewing.[122] Die vraag ontstaan of die boedels wat onder die huidige belastingstelsel vir boedelbelasting aanspreeklik is, ooreenstem met dít wat aanvanklik deur die wetgewing beoog is. Die aanvanklike boedelbelastingkoerse[123] van 1955, met die inwerkingtreding van die Wet, het soos volg daar uitgesien:

---

122 Botha *Wetsuitleg* 67.

123 Soos vervat in Bylae 1 van die Wet. Die betrokke koerse is aangehaal in Slatter *The Executor’s Guide* 29-30.

Tabel 3

| Netto waarde van die boedel | Bedrag boedelbelasting betaalbaar |
|---|---|
| £6 000 en minder | 1% van die netto waarde |
| Tussen £6 000 en £7 000 | £60 plus 2% van die bedrag bo £6 000 |
| Tussen £7 000 en £8 000 | £80 plus 3% van die bedrag bo £7 000 |
| Tussen £8 000 en £9 000 | £110 plus 3% van die bedrag bo £8 000 |
| … | … |
| (die bedrae en koerse neem toe tot en met): | |
| Bo £50 000 | £7 500 plus 25% van die bedrag bo £50 000 |

Dit blyk dus dat 'n glyskaal-stelsel gebruik is waar die basiese boedelbelastingbedrag en belastingkoers vermeerder het soos wat die netto boedelwaarde styg, met die gevolg dat die boedelbelasting betaalbaar eksponensieel vermeerder.[124] 'n Baie omvattende primêre korting-sisteem[125] is gevolg:

Tabel 4

| | Indien voor 1 April 1957 oorlede | Indien na 1 April 1957 oorlede |
|---|---|---|
| (i) 'n Aanvanklike bedrag van: | £5 000 | £10 000 |
| (ii) As die oorledene deur 'n gade oorleef word, 'n verdere bedrag van: | £10 000 | £10 000 |
| (iii) Vir elke kind wat die oorledene oorleef, of, in geval van kinders wat vooroorlede is, 'n gade van sodanige vooroorlede kind, 'n verdere bedrag van: | £2 000 | £5 000 |

Bovermelde kortingsbedrae en koerse is, met verloop van tyd, aangepas na 'n ander geldeenheid (Rand) en aangepas om veranderings in inflasie te toon.

124 'n Soortgelyke sisteem word by die hef van hereregte gevolg. Sien in hierdie verband Kilbourn *Conveyancing* 34-11.

125 Primêre korting het ingetree met die invoeging van a4A in die Wet. Die betrokke kortingsbedrae is aangehaal in Slatter *The Executor's Guide* 30.

Teen 1988, met die voorwaarde dat die oorledene tussen 1 April 1986 en 16 Maart 1988 oorlede is, het die kortings en koerse[126] soos volg daar uitgesien:

Tabel 5

| Netto waarde van die boedel | Bedrag boedelbelasting betaalbaar |
|---|---|
| R100 000 en minder | 10% van die netto waarde |
| R100 000 tot R200 000 | R10 000 plus 13% van bedrag bo R100 000 |
| R200 000 tot R300 000 | R23 000 plus 16% van bedrag bo R200 000 |
| R300 000 tot R400 000 | R39 000 plus 19% van bedrag bo R300 000 |
| (die bedrae en koerse neem toe tot en met): | |
| R800 000 en meer | R164 000 plus 35% van bedrag bo R800 000 |

Die primêre kortings en kortings vir oorlewende gades en kinders (vergelyk bedrae (i), (ii) en (iii) van Tabel 4 hierbo) was onderskeidelik R100 000, R100 000 en R80 000.[127] Sedert 16 Maart 1988 is boedelbelasting teen 'n vaste koers van 25% gehef, met 'n enkele primêre korting van R1 miljoen.[128]

Dit blyk dat daar nie bronne geredelik beskikbaar is wat aantoon hoe die gemiddelde boedelgrootte van persone oor die verloop van 'n tydperk verander het sodat die gemiddelde grootte van boedels sedert 1955 met hedendaagse boedels vergelyk kan word nie. Volgens 'n inligtingstuk beskikbaar gestel deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens,[129] blyk dit dat in 1990 (twee jaar nadat 'n vaste koers van 15% en 'n primêre korting van R1 miljoen ingestel is) die totale vaste bates in die huishoudelike sektor R219,4 biljoen beloop het, terwyl dit vir die jare 2000 en 2005 onderskeidelik R504,2 biljoen en R1225,0 biljoen beloop het. Kan daar geargumenteer word dat die huidige primêre korting van R3,5 miljoen aangepas moes word om hierdie drastiese verhoging in huishoudelike vaste bates te weerspieël? Wat egter duidelik is, beide deur die koerse en kortings in Tabel 3 asook die volgende

126 Sien Kernick *Administration of Estates* 332.
127 Sien Kernick *Administration of Estates* 331.
128 Sien Kernick *Administration of Estates* 332.
129 Aron, Muelbauer en Prinsloo *Estimating household-sector wealth in South Africa* soos beskikbaar te http://www.sars.co.za.

aanhaling, is dat boedelbelasting aanvanklik gemik was op *besonder welgestelde* persone wat slegs die boonste laag van die samelewing verteenwoordig het:

> Fortunately … the provisions of the new Estate Duty Act of 1955 are such that the estate of the "ordinary man in the street" is very seldom liable for duty.[130]

Alhoewel bogenoemde stellings steeds waar is vir die huidige situasie, ontstaan die vraag opnuut of die boedels wat tans aanspreeklik is vir boedelbelasting (dit wil sê boedels wat die primêre korting van R3,5 miljoen oorskry) ooreenkom met die boedels wat met die inwerkingtreding van die Wet belas is. Met die huidige prys van vaste eiendom is dit volkome moontlik dat 'n boedel wat meer as een vaste eiendom bevat R3,5 miljoen oorskry. Veral boedels waar die eienaar landbougrond, polisse, sakebelange of eiendom wat groot groeipotensiaal (byvoorbeeld kuseiendom) besit, kan die boedelwaarde drasties verhoog word as gevolg van sodanige eiendom, terwyl daar kwalik na sodanige persone as "besonder welgesteld" verwys kan word.

Alhoewel hierdie argument, naamlik dat die boedels wat tans vir boedelbelasting aanspreeklik is, moontlik nie ooreenstem met die boedels wat aanvanklik deur die wetgewer beoog is nie, is die blote onsekerheid ten aansien van hierdie vraagstuk genoegsaam om as kritiek teen die huidige boedelbelastingstelsel te dien.

'n Verdere vraag wat ontstaan, spruit uit die verandering van 'n glyskaalberekening na 'n vaste koers in 1988. Die glyskaal-berekeningswyse kom ooreen met die idee van progressiwiteit. Progressiwiteit verwys na die gevalle waar persone met 'n hoër inkomste teen 'n hoër persentasie belas word.[131] In hierdie betrokke geval kan 'inkomste' meer korrek met 'rykdom' vervang word. Dit is egter nie bekend waarom daar van hierdie progressiwiteit afgewyk is nie. Daar word aan die hand gedoen dat daar

130 Slatter *The Executor's Guide* 28.
131 Weisbach (red) *Economics of Tax Law* 214. Sien ook Mohr en Fourie *Ekonomie* 430. Vergelyk die konsep ook met die idee van vertikale billikheid, soos in 3.1.2 hierbo bespreek.

moontlik daarvan wegbeweeg is ter nastrewing van eenvoud, aangesien dit buitendien moeilik is om te bepaal watter graad van progressiwiteit gevolg moet word.[132] Nogtans dien hierdie afwyking van die oorspronklike wyse van heffing van boedelbelasting as versterking van die argument dat daar van die oorspronklike oogmerk van die Wet afgewyk is.

### *4.3 Verdere kritiek teen die Suid-Afrikaanse boedelbelastingstelsel*

Muller[133] meld dat daar verskeie punte bestaan waarop kritiek gelewer kan word op die bepalings van boedelbelasting in samehang met skenkingsbelasting. Soos hierbo getoon is, is die aard van boedelbelasting en skenkingsbelasting van komplementêre aard.[134] Ten spyte hiervan is daar verskille wat veroorsaak dat dit in bepaalde gevalle voordeliger is om bates (rykdom) as 'n bemaking tydens lewe (*inter vivos*) eerder as erflating (by dood) oor te dra. In ander gevalle geld die teenoorgestelde. Die verskille word toegeskryf aan die feit dat die onderskeie belastings ingevolge twee verskillende stukke wetgewing gehef word.[135] Daar word verwys na die verskille in kortings (in die geval van boedelbelasting) en vrystellings (in geval van skenkings),[136] asook die verskille in waardasie van eiendom.[137] Verder word gemeld dat, aangesien skenkingsbelasting deel vorm van die *Inkomstebelastingwet*, inbegrepe teenvermydingsbepalings vanselfsprekend toepassing vind op skenkingsbelasting, maar nie op boedelbelasting nie.[138] As gevolg van hierdie verskille word aanbeveel dat belasting betaalbaar by die oordra van rykdom by dood en *inter vivos* tot 'n enkele sisteem geïntegreer word.[139] Verder word die kritiek teen die dubbele aard van boedel- en

---

132 Muller *Wealth Transfer Taxation* 48. Let ook op die verskille in opeenvolgende persentasies in Tabel 5 en 3. Dit blyk dat die graad van progressiwiteit met verloop van tyd afgeneem het.

133 Muller *Wealth Transfer Taxation* 225-231.

134 Vergelyk 2.3.

135 Muller *Wealth Transfer Taxation* 225.

136 Muller *Wealth Transfer Taxation* 227-228.

137 Muller *Wealth Transfer Taxation* 227. Daar word byvoorbeeld verwys na die spesifieke bepaling van genoteerde aandele by berekening van boedelbelasting, maar nie by skenkingsbelasting nie.

138 Muller *Wealth Transfer Taxation* 228.

139 Muller *Wealth Transfer Taxation* 224.

skenkingsbelasting wat gehef word ten spyte van KWB, deur Muller bevestig.[140]

Die pasvermelde kritiekpunte kan verder aangevul word deur die vraag of die hef van boedelbelasting uit ‘n grondwetlike oogpunt regverdigbaar is. ‘n Ondersoek ter beantwoording van hierdie vraag word in die volgende afdeling gedoen.

## *4.4 ‘n Grondwetlike beoordeling van boedelbelasting*

### *4.4.1 Grondwetlike beginsels en die relevansie daarvan by boedelbelasting*

Suid-Afrika is sedert 1994 ‘n demokratiese staat[141] wat oor ‘n soewereine grondwet beskik.[142] Die Grondwet vind toepassing op alle vorme van die reg.[143] Hierdie grondwetlike orde is gebaseer op beginsels soos gelykheid, menswaardigheid en vryheid.[144] Vir die doel van hierdie studie is dit relevant om na veral die grondwetlike beginsel van gelykheid te verwys, aangesien gelykheid verband hou by die reeds gemelde beginsels van vertikale en horisontale billikheid[145] asook regverdigheid en die vermoë-om-te-betaal-beginsel.[146] Die argument kan dus aangevoer word dat, aangesien ‘n onderskeid getref word tussen klasse persone wat aan boedelbelasting onderwerp is al dan nie, die hef van boedelbelasting ongrondwetlik is aangesien “gelykheid voor die reg” ontbreek. In eenvoudiger terme beskryf, kan daar aangevoer word dat daar met die hef van boedelbelasting gediskrimineer word teen persone wat oor ‘n sekere welstand of rykdom beskik. Die basiese grondwetlike beginsels wat vir die doel van hierdie studie relevant is, word vervolgens kortliks opgesom.

140 Muller *Wealth Transfer Taxation* 230. Sien ook Muller *Wealth Transfer Taxation* 115. Vergelyk verder 4.1.1 hierbo.
141 Currie en De Waal *Bill of Rights Handbook* 2.
142 A2 waarborg die soewereiniteit van die Grondwet.
143 A8(1).
144 A1(a).
145 Sien 3.1.2 hierbo.
146 Sien 4.1.1 hierbo.

Ingevolge artikel 9(1) is elke persoon gelyk voor die reg en het die reg op gelyke beskerming en voordeel van die reg. Saam met artikel 9(1) moet artikel 9(3), wat 'n lys van gronde bevat waarop die staat nie onbillik mag diskrimineer nie, gelees word.[147]

Alhoewel die reg op gelykheid en nie-diskriminasie deur bovermelde artikels omvat word, moet dit in gedagte gehou word dat sodanige regte nie onvoorwaardelik geld nie. Artikel 9(5) stel dit duidelik dat diskriminasie op een van die gronde van artikel 9(3) onbillik is, tensy daar vasgestel word dat die diskriminasie billik is. Voorts moet die algemene beperkingsartikel van die Grondwet, naamlik artikel 36, in ag geneem word. Artikel 36(1) lui soos volg:

> Die regte in die Handves van Regte kan slegs kragtens 'n algemeen geldende regsvoorskrif beperk word in die mate waarin die beperking redelik en regverdigbaar is in 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid, met inagneming van alle tersaaklike faktore, met inbegrip van:
>
> (a) die aard van die reg;
> (b) die belangrikheid van die doel van die beperking;
> (c) die aard en omvang van die beperking;
> (d) die verband tussen die beperking en die doel daarvan; en
> (e) 'n mindere beperkende wyse om die doel te bereik.

### *4.4.2 Gelykheid en boedelbelasting*

Noudat die basiese beginsels van gelykheid en beperking van regte uiteengesit is, kan boedelbelasting in die lig daarvan beoordeel word. Eers word bepaal wat gelykheid en die inbreukmaking daarop behels, waarna boedelbelasting daaraan gemeet word.

#### 4.4.2.1 Interpretasie van gelykheid en toets vir inbreukmaking daarvan

Die idee van gelykheid kom daarop neer dat persone wat in soortgelyke posisies is, soortgelyk behandel behoort te word – met die logiese afleiding dat persone verskillend geposisioneer, verskillend behandel behoort te

---

147 Die gronde is die volgende: ras, geslagtelikheid, geslag, swangerskap, huwelikstaat, etniese of sosiale herkoms, kleur, seksuele georiënteerdheid, ouderdom, gestremdheid, godsdiens, gewete, oortuiging, kultuur, taal en geboorte.

word.[148] Pasvermelde twee begrippe staan bekend as formele en substantiewe gelykheid. Terwyl formele gelykheid inhou dat persone in dieselfde omstandighede soortgelyk behandel behoort te word, vereis substantiewe gelykheid dat gelykheid as 'n *uitkoms* bereik word – selfs al sou ongelyke behandeling moet plaasvind om hierdie doel te bereik.[149] Substantiewe gelykheid hou dus in dat persone wat hulle nie in dieselfde situasie bevind nie, juis verskillend behandel moet word.[150]

Die toets of daar op gelykheid inbreuk gemaak is, is in *Harksen v Lane*[151] uiteengesit.[152] Ten eerste word getoets of daar tussen twee groepe persone gedifferensieer is, en indien wel, of hierdie differensiasie verband hou met 'n legitieme staatsdoel. Ten tweede word bepaal of hierdie differensiasie op diskriminasie[153] neerkom, en indien wel, of hierdie diskriminasie onregverdig is. Regverdigheid word bepaal deur die impak van die diskriminasie op die benadeelde persoon te beoordeel.[154] Indien onregverdigheid wel aanwesig is, word laastens bepaal of die ongelykheid regverdigbaar is ingevolge artikel 36.

Bogenoemde veelvuldige toets stem ooreen met die algemene toets wat aangewend word by die beperking van regte, wat as die 'twee-stadia'-toets bekend staan. Die eerste stadium behels 'n basiese ondersoek of daar op 'n reg inbreuk gemaak is.[155] Hiermee word die bepaalde reg in die breedste sin moontlik geïnterpreteer, sodat vermoed word dat die reg slegs deur artikel 36 beperk kan word.[156] Die tweede stadium behels die ondersoek of die beperking van die reg ingevolge artikel 36 geregverdig kan word.[157] Die eerste voorskrif van artikel 36, naamlik dat beperking slegs kan plaasvind

148 Currie en De Waal *Bill of Rights Handbook* 230.
149 Devenish *Commentary on the SA Bill of Rights* 39.
150 Currie en De Waal *Constitutional and Administrative Law* 348.
151 *Harksen v Lane NO* 1998 1 SA 300 (KH) 53.
152 Currie en De Waal *Bill of Rights Handbook* 235-236 bevat 'n uiteensetting van die toets.
153 "Diskriminasie" word getipeer as differensiasie op 'n onregmatige grond. Sien Cheadle Davis en Hayson *SA Constitution Law* 86.
154 Swart 1998 *Suid-Afrikaanse Publiekreg* 223.
155 Iles 2007 *SAJHR* 71. Sien ook Cheadle Davis en Hayson *SA Constitution Law* 697.
156 Cheadle Davis en Hayson *SA Constitution Law* 698. Hierdie vermoede hou verband met die idee dat daar uit die staanspoor vermoed kan word dat onbillike diskriminasie teenwoordig is, maar dat die vermoede weerlê kan word. Sien in hierdie verband Iles 2007 *SAJHR* 89.
157 Cheadle Davis en Hayson *SA Constitution Law* 702. Sien ook Iles 2007 *SAJHR* 75.

kragtens ‘n algemeen geldende regsvoorskrif, behels dat die beperking deur die reg gemagtig moet wees en hierdie reg algemeen moet geld.[158] Die konsep “algemeen geld” dui weer daarop dat die reg duidelik en toeganklik genoeg moet wees dat diegene wat daardeur geraak word, hulle van die reg kan vergewis[159] en nie arbitrêr toegepas word nie.[160] Voorts moet die tersaaklike faktore soos in artikel 36(1)(a)-(e) beoordeel word. “Aard van die reg”[161] behels dat die beperking van die tersaaklike reg opgeweeg moet word met die voordeel wat daardie beperking teweegbring.[162] “Belangrikheid en doel van die beperking”[163] dui weer daarop dat die beperking moet bydra tot ‘n oop en demokratiese samelewing.[164] “Aard en omvang van die beperking”[165] en “die verband tussen die beperking en die doel daarvan”[166] hou verband met mekaar en behels dat die beperkende aard van die beperking proporsioneel met die doel daarvan moet ooreenstem[167] – dit is byvoorbeeld sinneloos dat ‘n strawwe beperking geld ter bereiking van ‘n relatief onbelangrike bevoordeling. Laastens hou “’n minder beperkende wyse om die doel te bereik”[168] in dat, indien ‘n ander (minder beperkende) wyse ingespan kan word om dieselfde doel te bereik, laasgenoemde metode gevolg moet word.[169] Die belangrikste beginsel wat by die oorweging van hierdie faktore in gedagte gehou moet word, is proporsionaliteit tussen dit wat beperk word en die doel wat deur hierdie beperking bereik word:

> The limitation of constitutional rights for a purpose that is reasonable and necessary in a democratic society involves the weighing up of competing values and ultimately an assessment based on proportionality.[170]

---

158 Iles 2007 *SAJHR* 76.
159 Currie en De Waal *Bill of Rights Handbook* 168-169.
160 Cheadle Davis en Hayson *SA Constitution Law* 702.
161 A36(1)(a).
162 Chaskalson *et al Constitutional Law of South Africa* 34-70. Ook Cheadle Davis en Hayson *SA Constitution Law* 707.
163 A36(1)(b).
164 Iles 2007 *SAJHR* 82.
165 A36(1)(c).
166 A36(1)(d).
167 Chaskalson *et al Constitutional Law of South Africa* 34-70. Sien ook Iles 2007 *SAJHR* 83 en Cheadle Davis en Hayson *SA Constitution Law* 711.
168 A36(1)(e).
169 Iles 2007 *SAJHR* 84. Sien ook Cheadle, Davis en Hayson *SA Constitution Law* 713.
170 *S v Makwanyane* 1995 3 SA 391 (KH) 104.

Die twee toetse vir inbreukmaking op gelykheid wat hierbo bespreek is, is omvattend en kan geredelik op die kwessie van boedelbelasting toepassing vind.

4.4.2.2 Die beoordeling van boedelbelasting aan gelykheid

In die lig van bogenoemde uiteensetting van wat gelykheid en die inbreukmaking daarop behels, kan boedelbelasting vervolgens aan die hand daarvan beoordeel word.

Die twee toetse vir inbreukmaking van gelykheid kan geredelik aangewend word om te bepaal of die hef van boedelbelasting inderdaad as grondwetlike inbreukmaking beskou kan word. Ingevolge die *Harksen v Lane*-toets slaag die argument van ongrondwetlikheid nie: alhoewel daar gedifferensieer word tussen persone van verskillende rykdom, hou hierdie differensiasie inderdaad verband met 'n legitieme staatsdoel, naamlik die regverdige herverdeling van rykdom.[171] Daar is dus nie sprake van 'diskriminasie' nie aangesien 'n regmatige grond vir die differensiasie aanwesig is.

Ook die 'twee-stadia'-toets lewer nie resultate op ter steuning van die idee dat die hef van boedelbelasting ongrondwetlik is nie. Die hef van boedelbelasting geld inderdaad as 'n algemeen geldende regsvoorskrif, aangesien dit statutêr gekodifiseer is en dus aan die voorskrifte van duidelikheid en toeganklikheid voldoen.[172] Indien daar na die faktore van artikel 36(1)(a)-(e) verwys word, sou daar moontlik geargumenteer kon word dat die gelykheid waarop daar oënskynlik inbreuk gemaak word nie proporsioneel verband hou met die voordeel wat dit teweegbring nie: die *ratio* vir die hef van boedelbelasting hou nie proporsioneel verband met die hoeveelheid inkomste daaruit gelewer

171 Cordes Ebel en Gravelle *Encyclopedia of Taxation and Tax Policy* 1. Sien ook 3.1.2 hierbo.

172 Daar sou geargumenteer kon word dat diegene wat deur boedelbelasting geraak word, op arbitrêre wyse plaasvind, maar hierdie arbitrariteit is nie as gevolg van die afwesigheid van 'n algemene geldende regsvoorskrif nie. Die argument dat boedelbelastingbetaling arbitrêr van aard is, is dus bloot die argument van praktiese oneffektiwiteit a.g.v. maklike omseilbaarheid.

nie.[173] Ook die faktor in artikel 36(1)(e) vervat, naamlik dat 'n mindere beperkende wyse om die spesifieke doel te bereik, in ag geneem moet word, kan aangewend word in die argument dat die inkomste wat tans deur boedelbelasting gelewer word, eerder op 'n ander wyse geïn kan word. Alhoewel hierdie argumente meriete dra in soverre dit verband hou met die faktore in artikel 16(1)(a)-(e) genoem, het dit betrekking op die konsep van praktiese effektiwiteit van boedelbelasting as 'n belastingvorm eerder as op die teoretiese regverdigbaarheid vir die hef van boedelbelasting.

Aansluitend by bogenoemde faktore bestaan daar talle argumente waarom die hef van boedelbelasting wel regverdigbaar is. Soos alle ander belastingvorme is dit 'n bron wat staatsinkomste lewer[174] en soos wat met verskeie belastingvorme die geval is, is dit regverdigbaar dat verskillende groepe aan verskillende belastingvorme (en koerse daarvan) onderwerp word.[175] Els[176] beklemtoon dat dit juis deur differensiasie is dat gelykheid en ander grondwetlike waardes bereik word. Voorts word geopper dat hierdie idee van substantiewe gelykheid 'n ondersoek na die werklike sosiale en ekonomiese omstandighede van groepe en individue vereis om te bepaal of die Grondwet se toewyding aan gelykheid nagekom word.[177] Uiteindelik behoort die doel van gemeenskaplike voordeel nagestreef te word en dit is onmoontlik om sodanige voordeel sonder klassifikasie en differensiasie te bereik.[178]

### *4.4.3 Gevolgtrekking*

Sodra 'n onderskeid tussen individue of klasse persone getref word, kom gelykheid ter sprake. Ten einde te bepaal of die hef van boedelbelasting ongrondwetlik is of nie, is die ongelyke behandeling van verskillende

---

173 Sien punt 3.2.1 hierbo.
174 Sien 3.1.1 hierbo.
175 Cordes Ebel en Gravelle *Encyclopedia of Taxation and Tax Policy* 1.
176 Els 2006 *TSAR* 261.
177 Currie en De Waal *Bill of Rights Handbook* 233.
178 Swart 1998 *Suid-Afrikaanse Publiekreg* 221.

inkomste- of welvaartsgroepe hierbo beoordeel om te bepaal of sodanige ongelyke behandeling geregverdig is al dan nie.[179]

Daar kan aanvaar word dat die ongelykheid in onderwerping aan boedelbelasting – of watter belastingvorm ookal – nie net regverdigbaar is nie, maar juis noodsaaklik is om uiteindelik *substantiewe* gelykheid te bereik.

Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat die argument van ongrondwetlikheid van boedelbelasting nie veel gewig dra nie en ongeslaagd is. Dit is uiteindelik in die gebreke van boedelbelasting, byvoorbeeld die gebrek aan neutraliteit en eenvoud[180] en praktiese oneffektiwiteit daarvan (in die vorm van nietige bydrae en maklike omseilbaarheid)[181] waarin die sterkste argumente teen die hef van boedelbelasting lê, eerder as ‘n argument van ongrondwetlikheid.

## 5 ‘n Uiteensetting van ‘n regstelsel waar boedelbelasting afgeskaf is: Australië

Soos in die inleidende afdeling hierbo vermeld is, is boedelbelasting reeds in verskeie lande afgeskaf. Dit is nuttig vir die doeleindes van hierdie studie om aandag aan sodanige regstelsels te skenk, sodat verskille en ooreenkomste met die situasie in die Suid-Afrikaanse belastingreg getref kan word ten einde die vraagstuk te beantwoord of die afskaffing van boedelbelasting werklik as ‘n moontlikheid oorweeg kan word. Dit is egter van groter waarde om ‘n enkele regstelsel in groter detail te ondersoek as om bloot oorsigtelik na verskeie regstelsels te verwys. Australië kan in hierdie opsig as 'n waardevolle voorbeeld dien, aangesien boedelbelasting in Australië reeds 'n geruime tyd afgeskaf is – die tydperk wat sedert die afskaffing verloop het, bied dus ruimte vir die evaluering van die effektiwiteit daarvan.

---

179 Hierdie beoordeling is nie net op boedelbelasting van toepassing, maar op enige belastingvorm wat verskillende inkomste- of welvaartsgroepe aan verskillende koerse van belasting onderwerp.

180 Sien par. 4.1 hierbo.

181 Sien par 3.2 hierbo.

### 5.1 Oorsig van Australiese boedelbelasting en die afskaffing daarvan

In Australië is boedelbelasting op beide nasionale en deelstaat-vlak gehef. Op nasionale vlak het primêre kortings van AU$20 000 gegeld, in vergelyking met kortings van so laag as AU$1 200.[182] Die koers waarteen boedelbelasting gehef is, het volgens 'n progressiewe skaal gewissel van minder as 10% tot so hoog as 40%.[183] Nadat boedel- en skenkingsbelasting gelyktydig in die laat 1970's in 'n aantal deelstate plaasgevind het, het finale algehele afskaffing in 1980 gevolg.[184] Na die afskaffing van boedel- en skenkingsbelasting het 'n tydperk verloop waar geen belasting op die oordrag van rykdom gehef is nie, totdat KWB in 1985 ingestel is.[185] Die rede vir die instelling van KWB word aangebied as die nastrewing van horisontale billikheid: sonder KWB sou persone wat geld ontvang in die vorm van kapitaal bevoordeel word bo diegene wat geld ontvang as blote inkomste.[186] Die kenmerke van die KWB in Australië toon egter dat dit verskil van die Suid-Afrikaanse KWB: KWB word nie gehef by dood van die oorledene nie, maar in die hande van die begunstigde van die betrokke bate wanneer laasgenoemde persoon die bate vervreem.[187]

### 5.2 Faktore wat aanleiding gegee het tot afskaffing

Die vernaamste faktore wat tot die afskaffing van boedelbelasting in Australië aanleiding gegee het, kan in twee groepe verdeel word.

Die eerste groep faktore kom ooreen met die besware teen boedelbelasting wat universeel voorkom, soos hierbo uiteengesit in afdeling 3. Die inkomste wat boedelbelasting in die tydperk voor afskaffing gelewer het, was proporsioneel besonder min: in 1972 het dit 0,95% van die totale belastinginkomste verteenwoordig, maar het teen 1979 verminder tot

---

182 Pedrick 1980 *The Lawyer* 119-120.
183 Thomson 1971 *Australian Journal of Agricultural Economics* 136.
184 Pedrick 1980 *The Lawyer* 116.
185 Pedrick 1980 *The Lawyer* 119.
186 Kinsler 1997 *Pacific Rim Law and Policy Journal* 316.
187 Kinsler 1997 *Pacific Rim Law and Policy Journal* 323.

0,36%.[188] Pedrick meld dat boedelbelasting slegs tot en met die 1960's 'n "noemenswaardige" bydrae tot staatsinkomste gelewer het.[189] Verder is geargumenteer dat boedelbelasting hopeloos gefaal het ten aansien van die herverdeling van rykdom.[190] Die relatiewe gemak waarmee boedelbelasting vermy kon word deur welgestelde boedeleienaars wat omvattende boedelbeplanning kon bekostig, het verder bygedra tot die argument dat die Australiese boedelbelastingstelsels gebrekkig was.[191] Laasgenoemde aktiwiteite het die gevolg gehad dat die las groter op klein en middelslag-grootte boedeleienaars gerus het.[192] Voorts is aangevoer dat die belasting tot onnodig hoë administrasiekoste op beide nasionale en deelstaatvlak lei.[193]

Die tweede groep faktore wat aanleiding tot afskaffing gegee het, is faktore wat uniek aan die Australiese situasie was. Daar word vermeld dat een van die vernaamste aansporings wat tot afskaffing gelei het, die "dubbele aard" daarvan was deurdat boedelbelasting op beide deelstaat- en nasionale vlak gehef is – met die gevolg dat klein en middelslag-grootte boedels negatief geraak is.[194] Op federale vlak is 12% van alle boedels belas, maar op staatsvlak dubbeld soveel.[195] Verder het die nadelige situasie bestaan dat selfs relatief klein boedels belas is, veral op deelstaat-vlak.[196] Die rede hiervoor is die feit dat kortings nie genoegsaam aangepas is om voorsiening te maak vir veranderinge in inflasie nie.[197] Dit blyk dat veral twee groepe in die besonder benadeel is, naamlik die eienaars van landbougrond en eienaars van klein ondernemings.[198] In die 1960's het die landbousektor tot tussen 30% en 40% van alle boedelbelasting bygedra, ten spyte daarvan dat hierdie groep slegs 6% van die inkomstebelastingbevolking uitgemaak het.[199]

---

188 Grossman 1990 *Publius* 149.
189 Pedrick 1980 *The Lawyer* 86.
190 Thomson 1972 *The Australian Quarterly* 26; Pedrick 1980 *The Lawyer* 126.
191 Pedrick 1980 *The Lawyer* 122.
192 Duff 2005 *Pittsburgh Tax Review* 109. Thomson 1972 *The Australian Quarterly* 22.
193 Pedrick 1980 *The Lawyer* 125. Duff 2005 *Pittsburgh Tax Review* 110.
194 Duff 2005 *Pittsburgh Tax Review* 109.
195 Pedrick 1980 *The Lawyer* 120.
196 Duff 2005 *Pittsburgh Tax Review* 108. Pedrick 1980 *The Lawyer* 120.
197 Pedrick 1980 *The Lawyer* 116.
198 Thomson 1972 *The Australian Quarterly* 24. Duff 2005 *Pittsburgh Tax Review* 108.
199 Thomson 1972 *The Australian Quarterly* 25.

### *5.3 Evaluering van die afskaffing*

Australië het 'n nuwe koers ingeslaan deur die summiere afskaffing van boedelbelasting, veral in ag geneem dat ander regstelsels wat soortgelyke probleme as Australië ondervind het (byvoorbeeld Brittanje en die Verenigde State), nie die belasting afgeskaf het nie, maar eerder strenger belastingmaatreels vir hoë-inkomstegroepe ingestel het.[200]

Interessant genoeg het die Australiese kommissies wat ondersoek na die moontlikheid van afskaffing ingestel het, aanbeveel dat boedel- en geskenkebelasting *behou* moet word, aangesien dit 'n belangrike deel van die belastingstelsel uitmaak.[201] Die kommissies (wat in 1973 en 1974 geloods is) het aanbeveel dat 'n enkele boedel- en skenkingsbelastingsisteem ingestel word en dat moontlikhede vir die vermyding van belasting verminder word.[202] Ten spyte van die aanbevelings het afskaffing tog plaasgevind. Die rede wat hiervoor aangebied kan word, is dat die belofte van afskaffing deur politieke groepe as 'n hefboom gebruik is om steun te werf.[203] By die werwing van politieke steun is daar veral klem gelê op die eienaars van landbougrond as benadeeldes.[204] Pedrick[205] wys daarop dat die landbougrond-probleem – ironies genoeg – opgelos kon word deur bloot 'n ander wyse van eiendomswaardasie te volg en dat die afskaffing van boedelbelasting dus nie nodig was nie, maar bloot die nakoming van 'n politieke kompromie. Reeds in 1980, nadat dit pas afgeskaf is, het sommige ekonome al die voorstel gemaak dat dit heringestel moet word.[206]

### *5.4 Gevolgtrekking en vergelyking met Suid-Afrikaanse situasie*

Indien die faktore wat tot die afskaffing van Australië se boedelbelasting gelei het, vergelyk word met die plaaslike situasie ten aansien van boedelbelasting

200 Pedrick 1980 *The Lawyer* 118.
201 Pedrick 1980 *The Lawyer* 118.
202 Pedrick 1980 *The Lawyer* 118-119.
203 Grossman 1990 *Publius* 150-151.
204 Duff 2005 *Pittsburgh Tax Review* 108.
205 Pedrick 1980 *The Lawyer* 121.
206 Pedrick 1980 *The Lawyer* 138.

wat tans heers, kan vergelykings getref word en afleidings hieruit gemaak word.

Beide die huidige Suid-Afrikaanse en die destydse Australiese situasie ten aansien van boedelbelasting toon die besware soos in paragraaf 3.2 hierbo genoem: ‘n gebrekkige bydrae tot staatsinkomste, gebrek aan herverdeling van rykdom en die maklike vermybaarheid daarvan. In die Suid-Afrikaanse geval is die bydrae tot staatsinkomste selfs nietiger: in die 2008/2009-belastingjaar het boedelbelasting ‘n 0,12%-bydrae gelewer, in vergelyking met die Australiese 0,36%-bydrae pas voordat dit afgeskaf is. Suid-Afrika het egter nie die unieke probleme van die klein ondernemings en boere of klein en middelslaggrootte boedels wat te swaar belas word nie. Ook die dubbele aard-argument is uniek aan die Australiese situasie.[207]

Samevattend kan die volgende opgemerk word. Dit blyk dat die Australiese afskaffing van boedelbelasting ‘n drastiese stap was, veral in die lig daarvan dat die kommissies wat die moontlikheid daarvan ondersoek het, dit nie aanbeveel het nie. Verder is daar meriete in die argument dat sekere probleme op alternatiewe wyses opgelos kon word. Die beswaar dat klein boedels belas word, kon opgelos word deur kortings aan te pas. Dubbele belasting kon opgelos word deur die bestaande stelsel te wysig en ‘n enkele heffingstelsel te implementeer.

Die ironie is egter dat, indien bogenoemde voorstelle gevolg sou word, dit die inkomste gegenereer uit boedelbelasting verder sou verminder Deur kortings te verhoog, word minder boedels effektief belas. Deur ‘n dubbele stelsel tot ‘n enkele te omskep, sou koerse verhoog moes word om dieselfde inkomste te genereer – en sodanige koersverhogings sou tot groter pogings tot belastingvermyding lei.

---

207 Daar is reeds hierbo geargumenteer dat persone in Suid-Afrika dubbeld belas word by afsterwe deurdat beide boedelbelasting en KWB gehef word. Dus is dubbele belasting ook plaaslik teenwoordig, maar duidelik in ‘n ander konteks.

Daar kan dus genoem word dat die afskaffing van boedel- en skenkingsbelasting in Australië moontlik oorhaastig gedoen is, veral in die lig daarvan dat daar nie – anders as in die Suid-Afrikaanse geval – reeds KWB is wat as 'vangnet' vir die verlore inkomste kan dien nie. Die oorhaastige afskaffing blyk die gevolg te wees van kwesbare belangegroepe en die gevolglike politieke druk daarvan.

## 6 Effek op boedelbeplanning as boedelbelasting afgeskaf word

Boedelbeplanning word, soos reeds in afdeling 2 vermeld,[208] aangewend vir die vermyding of vermindering van boedelbelasting.[209] Daar word dikwels gepoog om die groei van die waarde van die boedel te beperk, sonder om die groei van die bates se waarde te inhibeer.[210] Deurdat die groei van die boedel self beperk word, word boedelbelasting verminder of totaal vermy en sodoende kan 'n groter erfdeel aan begunstigdes oorgedra word. In die lig van die ondersoek na die afskaffing van boedelbelasting, ontstaan die vraag: wat sal die effek op boedelbeplanning wees indien boedelbelasting inderdaad afgeskaf sou word?

### *6.1 Omskrywing van boedelbeplanning*

Eerstens behoort daar by die omskrywing van boedelbeplanning ondersoek ingestel te word na die essensiële kenmerke daarvan.

Meyerowitz[211] se definisie van boedelbeplanning lui soos volg:

> … the arrangement, management, securement and disposition of a person's estate so that he, his family and other beneficiaries can enjoy and continue to enjoy the maximum benefits from his estate duty during his lifetime and after his death.

Bobbert[212] definieer boedelbeplanning as die volgende:

---

208 Verwys na 2.1.2 hierbo.
209 Soos reeds aangetoon, word entiteite soos trusts en ondernemingsvorms vir boedelbeplanningsdoeleindes aangewend. Verwys na punt 2.1.2 hierbo.
210 *PricewaterhouseCoopers Income Tax Guide* 321.
211 Meyerowitz 1965 *The Taxpayer* 1.

> Boedelbeplanning kan beskou word as die proses waardeur 'n eienaar eiendom verkry, die grootste voordeel uit die besit en gebruik daarvan haal (gedurende sy lewe), sodat soveel as moontlik op die mees ekonomiese wyse en met die minste vermindering daarvan, op sy begunstigdes kan oorgaan (na sy afsterwe).

Dit blyk dat daar deurgaans deur outeurs na bogenoemde twee definisies verwys word in plaaslike literatuur wat boedelbeplanning beskryf.[213] Uit die definisies hierbo kan afgelei word dat die grootste oorweging die evaluering van bates (rykdom) en die oordrag daarvan is, met die behoeftes van die boedeleienaar se afhanklikes of geliefdes in ag geneem.[214]

Beneke, Davis en Jooste[215] noem pertinent dat daarop gelet moet word dat in die definisies van boedelbeplanning geen melding gemaak word van boedelbelastingvermyding nie. Verder word gemeld dat die konsep van boedelbeplanning veel wyer is as die blote vermyding van belasting (hetsy boedelbelasting of ander belastingvorme) en dat die doelstellings onveranderd sal bly indien boedelbelasting afgeskaf sou word.[216] Daar kan dus afgelei word dat boedelbeplanning relevant is ongeag die bestaan van enige belasting, hetsy boedelbelasting of ander vorme van belasting.

### *6.2 Boedelbeplanning en ander belastingvorme as boedelbelasting*

Dit is 'n realiteit dat boedelbelasting nie die enigste belasting betaalbaar is by afsterwe nie. Buiten KWB word inkomstebelasting ook as 'n bepalende faktor vir boedelbeplanning in berekening gebring.[217] Verder word KWB, soos reeds in 2.2 hierbo getoon, by afsterwe gehef. Daarom word metodes wat tradisioneel vir die vermyding van boedelbelasting ingespan word, ook vir die vermyding van KWB aangewend.[218] Veral bates wat potensiële toekomstige

---

212 Bobbert 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap* 4.
213 Die volgende bronne verwys na beide Meyerowitz en Bobbert: Beneke, Davis en Jooste *Estate Planning* 1-3, Van der Linde *Die Invloed van WUSV op Boedelbeplanning* 5-6 en Taljaard *Invloed van MPRDA op Boedelbeplanning* 2-3.
214 Sien Fishkind en Kautz *Estate and Business Succession Planning* 3.
215 Beneke Davis en Jooste *Estate Planning* 1-3.
216 Beneke, Davis en Jooste *Estate Planning* 1-4(1).
217 Sien 2.1.2 hierbo.
218 Vergelyk voetnoot 19 hierbo.

groei toon se waarde word "gevries" deur dit byvoorbeeld na 'n trust oor te dra.[219] Sodoende word KWB betaal by die *oordrag* van bates aan die trust in plaas daarvan om KWB by *afsterwe* te betaal, wat 'n besparing teweegbring aangesien die bates teen afsterwe waarskynlik groei getoon het en dus groter belastinggevolge het.

Hierdie belastingvorme, in besonder die KWB-implikasies by afsterwe, beklemtoon die feit dat boedelbeplanning steeds nodig is by die afwesigheid van boedelbelasting. Pedrick[220] noem pertinent dat solank daar 'n vorm van belasting op oordrag van kapitaal is – nie noodwendig boedelbelasting nie – boedelbeplanning noodsaaklik is.

### *6.3 Gevolgtrekking*

Die stelling dat boedelbeplanning relevant sal bly solank daar 'n vorm van belasting op welvaartsoordrag is, is inderdaad waar. Aangesien dit in Suid-Afrika die geval is dat KWB by afsterwe betaalbaar is, is boedelbeplanning noodsaaklik selfs al sou boedelbelasting afgeskaf word.

Die bestudering van die definisie van boedelbeplanning het egter getoon dat boedelbelastingvermyding, of die vermyding van enige vorm van belasting, nie die doelstellings van boedelbeplanning begrond nie. Daaruit kan dus die afleiding gemaak word dat boedelbeplanning, selfs in die afwesigheid van enige belasting, gedoen moet word.

Farr[221], soos aangehaal deur Van der Linde[222], het in hierdie verband die volgende gepaste stelling gemaak:

> As endless in its facets as mankind in its characteristics and peculiarities, and exactly as interesting, the estate plan is far too worthwhile as an intellectual exercise to be made dependent upon tax quirks and loopholes;

---

219 *PricewaterhouseCoopers Income Tax Guide* 321.
220 Pedrick 1980 *The Lawyer* 141.
221 Farr *An Estate Planner's Handbook* 13-14.
222 Van der Linde *Die Invloed van WUSV op Boedelbeplanning* 6.

> and it deserves to be conjoined with a motive far more noble than mere tax economics.

Dit is egter ‘n realiteit dat boedeleienaars, beide in die verlede en tans, hul tot boedelbeplanning wend met die vermyding van boedelbelasting as dryfveer. Die moontlike gevaar bestaan gevolglik dat boedeleienaars met die afskaffing van boedelbelasting minder geneig sal wees om professionele boedelbeplanningsadvies te verkry, juis omdat die primêre rede wat boedeleienaars in die verlede tot boedelbeplanning aangespoor het, uit die weg geruim is. Pedrick[223] verwys na hierdie soort optimisme as ‘n “anti-tax jubilation”. Dit is dus raadsaam om boedeleienaars te adviseer dat boedelbelasting steeds noodsaaklik is.

## 7 Samevatting en aanbevelings

### *7.1 Oorsig van bevindings*

Met hierdie studie is ‘n ondersoek gedoen na die afskaffing van boedelbelasting. Daar is getoon dat boedelbelasting nie voldoende bydra tot staatsinkomste nie.[224] Dit blyk duidelik dat die universele besware teen boedelbelasting ook in die Suid-Afrikaanse geval meriete dra[225] en Suid-Afrikaanse boedelbelasting inderdaad gebreke toon indien dit gemeet word aan die maatstawwe regverdigheid, neutraliteit, effektiwiteit en eenvoud.[226] Verder is getoon dat die onsekerheid wat heers rondom die vraagstuk of dieselfde kategorieë boedels belas word as wat beoog is met die inwerkingtreding van die Wet in 1955, as verdere steun dien vir die afskaffing van boedelbelasting.[227] Daar bestaan argumente dat die boedelbelastingstelsel, wat gekomplementeer word deur skenkingsbelasting, leemtes laat en dat daar in bepaalde gevalle die situasie ontstaan dat oordrag van rykdom in lewe voordeliger is as oordrag by dood, of andersom.[228]

---

223 Pedrick 1980 *The Lawyer* 130.
224 Vergelyk 2.3.
225 Vergelyk 3.2.
226 Vergelyk 4.1.
227 Vergelyk 4.2.
228 Vergelyk 4.3.

Verder is getoon dat, alhoewel daar verskeie argumente teen die hef van boedelbelasting bestaan, die argument van grondwetlike aanvegbaarheid daarvan nie veel gewig dra nie.[229]

Voorts het die bespreking van afskaffing van boedelbelasting in Australië getoon dat die afskaffing van boedelbelasting doeltreffend kan wees mits dit deur 'n ander vorm van belasting by oordrag van welvaart vervang word.[230] Alhoewel die besluit in Australië moontlik oorhaastig toegepas is, het Suid-Afrika reeds 'n KWB-stelsel en sal die afskaffing van boedelbelasting hierdeur geregverdig kan word. Daar is verder getoon dat die afskaffing van boedelbelasting nie 'n verandering in die noodsaaklikheid om boedelbeplanning te doen, sal teweegbring nie: ongeag of daar hoegenaamd enige belasting by afsterwe betaalbaar is, is boedelbeplanning, waarmee boedeleienaars wat hul wense op 'n spesifieke wyse wil volvoer, 'n noodsaaklike aktiwiteit.[231]

### *7.2 Afweging van alternatiewe*

Vervolgens kan verskillende opsies waartoe die Suid-Afrikaanse fiskale beleid gewysig kan word, uiteengesit en teenoor mekaar afgeweeg word.

Indien boedelbelasting, tesame met skenkingsbelasting, in geheel afgeskaf word, moet die inkomste wat sodoende verbeur word (alhoewel dit proporsioneel nie groot bedrae beloop nie) op 'n ander wyse verhaal word. Praktisyns in die boedelbeplanningsbedryf is van mening dat, indien boedelbelasting afgeskaf sou word, KWB teen 'n hoër koers gehef sal word.[232] Daar sou selfs die stelling gemaak kan word dat sodanige verhoogde KWB by dood as niks anders as boedelbelasting – bloot onder 'n ander vaandel – geklassifiseer sou kon word nie. KWB by afsterwe sal steeds vermy word deur bates vroegtydig na 'n trust oor te dra.[233] Die afwesigheid

229 Vergelyk 4.4.
230 Vergelyk 5.3 en 5.4.
231 Vergelyk 6.3.
232 Van Zyl *Sake-Rapport* 6.
233 Vergelyk 2.1.2.

van skenkingsbelasting maak dit egter nou moontlik om sodanige bates te skenk, sonder dat verdere belasting bo en behalwe KWB betaal word. Hierdie leemte kan moontlik oorbrug word deur die oordrag van bates na ‘n trust of ‘n ander entiteit teen ‘n hoër KWB-koers te belas.

‘n Tweede alternatief sou wees om boedelbelasting te behou, maar bloot ‘n effektiewer metode in te span en ‘n groter trefwydte van belasbare boedels daar te stel. Dit sou bereik kon word deur byvoorbeeld primêre korting te verlaag, terwyl die koers ook verlaag word sodat ‘n mate van regverdigheid bewerkstellig word. Die effek in sodanige geval is egter dat kleiner boedels belas sal word en dus aanvegbaar is aangesien dit indruis teen die beginsel van vertikale billikheid. Verder is dit nie so maklik om boedelbelasting moeiliker vermybaar te maak nie. Dit is reeds ‘n algemene praktyk deur bates na ‘n trust oor te dra en die idee van ‘n groter trefwydte van belasbare boedels sal boedeleienaars net verder aanspoor om hul boedels te verklein. Hierdie oplossing blyk verder nie aanbeveelbaar te wees nie, aangesien dit steeds nie die argument van dubbele belasting oplos nie.

Vir ‘n alternatiewe benadering, is dit interessant om daarop te let dat, soos hierbo in 5.1 getoon, Australië nie KWB by dood hef nie, maar in die hande van die begunstigdes te belas. Daar bestaan plaaslike steun daarvoor dat oordrag van rykdom in die hande van die begunstigdes belas word.[234] Die nadeel hiervan is egter dat die berekening van belasting van verskeie persone (die begunstigdes) in teenstelling van ‘n enkele persoon (die oorledene) groter administrasie noodsaak en gevolglik indruis teen die beginsel van eenvoud. Ook die beginsel van neutraliteit word in gedrang gebring deurdat die betaling van belasting deur begunstigdes moontlik die gedrag van boedeleienaars (ten aansien van die keuse van bemaking van eiendom) beïnvloed.

---

234 Muller beveel aan dat, buiten die voorstel dat boedel- en skenkingsbelasting afgeskaf word, alle oordrag van rykdom in die hande van die ontvanger belas word. Sy baseer haar siening daarop dat laasgenoemde stelsel bydra tot horisontale gelykheid, die “vermoë-om-te-betaal”-beginsel en dat sodanige stelsel die probleem van dubbele belasting omseil. Sien Muller *Wealth Transfer Taxation* 116, 119 en 120.

### *7.3 Gevolgtrekking*

Dit is onder outeurs gemeensaak dat boedelbelasting – in die vorm soos dit tans daar uitsien – as ‘n belastingvorm ondoeltreffend is.[235] Hierdie studie toon genoegsame bewyse dat die stelling gemaak kan word dat Suid-Afrikaanse boedelbelasting uitgedien is. Dit is dus noodsaaklik en onvermydelik dat die Suid-Afrikaanse fiskale beleid hersien moet word om hierdie gebrek aan te spreek.

Ongeag watter een van die alternatiewe (soos in 7.2 hierbo uiteengesit) geïmplementeer word, behoort die maatstawwe van ‘n geslaagde belasting voor oë gehou te word.[236] Die idees van regverdigheid[237] en eenvoud[238] behoort die belangrikste oorwegings te wees. Alhoewel effektiwiteit[239] (veral in die vorm van belastingvermyding) en neutraliteit[240] (in die sin dat belastingbetalers se gedrag minimaal beïnvloed word, veral in die keuse van bemaking van eiendom) ook faktore is om mee rekening te hou, is die tradisie van boedelbeplanning en belastingvermyding reeds sodanig ingeburger dat daar kwalik iets aan gedoen kan word.

Dit blyk dat die eerste alternatief hierbo genoem, naamlik die algehele afskaffing van boedel- en skenkingsbelasting (en die gevolglike verhoging van KWB by afsterwe) waarskynlik die beste aan bovermelde oogmerke sal voldoen. Die besluit van die wetgewer in hierdie verband word met volgehoue belangstelling dopgehou.

---

235 Kinsler 1997 *Pacific Rim Law and Policy Journal* 305.
236 Verwys na die uiteensetting in 4.1.
237 Vergelyk 4.1.1 hierbo.
238 Vergelyk 4.1.4 hierbo.
239 Vergelyk 4.1.3 hierbo.
240 Vergelyk 4.1.2 hierbo.

## 8 Bibliografie

### *8.1 Boeke*


Abrie *et al Bestorwe Boedels*

Abrie W *et al Bestorwe Boedels* 7de uitg. (Proplus Lynnwoodrif 2008)

Abrie *et al Boedels: Beplanning en Bereddering*

Abrie W *et al Boedels: Beplanning en Bereddering* 2de uitg. (Proplus Lynnwoodrif 1991)

Beaumol en Blinder *Economic Principles and Policy*

Beaumol WJ en Blinder AS *Economic Principles and Policy* (South-Western Cengage Learning Mason 2009)

Beneke Davis en Jooste *Estate Planning*

Beneke C Davis DM en Jooste RD *Estate Planning* (Losblad opdateringsdiens Butterworths Durban 2002)

Botha *Wetsuitleg*

Botha C *Wetsuitleg: 'n Inleiding vir Studente* (Juta Landsdowne 2005)

Chaskalson *et al Constitutional Law of South Africa*

Chaskalson M *et al Constitutional Law of South Africa* (Losblad opdateringsdiens Juta Kenwyn 2004)

Cheadle Davis en Haysom *SA Constitution Law*

Cheadle MH Davis DM en Hayson NRL *South African Constitution Law: The Bill of Rights* (Butterworths Durban 2002)

Cooper *New Perspectives on Tax Avoidance*

Cooper G *Voluntary Tax? New Perspectives on Sophisticated Estate Tax Avoidance* (The Brookings Institution Washington 1979)

Cordes Ebel en Gravelle *Encyclopedia of Taxation and Tax Policy*

Cordes JJ Ebel RD en Gravelle J *Encyclopedia of Taxation and Tax Policy* (Urban Institute Washington 2005)

Currie en De Waal *Bill of Rights Handbook*

Currie I en de Waal J *Bill of Rights Handbook* 5e uitg. (Juta Kaapstad 2005)

Currie en De Waal *Constitutional and Administrative Law*

Currie I en De Waal J *The New Constitutional and Administrative Law* (Juta Landsdowne 2001)

Devenish *Commentary on the SA Bill of Rights*

Devenish GE *A Commentary on the South African Bill of Rights* (LexisNexis Durban 1999)

Farr *An Estate Planner's Handbook*

Farr JF An Estate Planner's Handbook 3de uitg. (Little Brown & Co. Boston 1966)

Fishkind en Kautze *Estate and Business Succession Planning*

Fishkind RL en Kautze RC *Estate and Business Succession Planning: A Legal Guide to Wealth Transfer* 2de uitg. (John Wiley and Sons New York 2002)

Gale Hines en Slemrod *Rethinking Estate and Gift Taxation*

Gale WG Hines JR en Slemrod J *Rethinking Estate and Gift Taxation* (The Brookings Institution Washington 2001)

Galvin (red) *LexisNexis Practical Guide to Capital Gains Tax*

Galvin A (red) *LexisNexis Practical Guide to Capital Gains Tax 2007* 7de uitg. (LexisNexis Durban 2007)

Jones en Rhoades-Catanach *Principles of Taxation*

Jones SM en Rhoades-Catanach SC *Principles of Taxation for Business and Investment Planning* (McGraw-Hill New York 2010)

Jordaan *Estate and Financial Planning*

Jordaan JH *Estate and Financial Planning: A Practical Guide* (Helderberg Publishers Stellenbosch 1987)

Jordaan *et al Inkomstebelasting*

Jordaan K *et al SILKE: Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting 2008* (LexisNexis Durban 2007)

Kernick *Administration of Estates*

Kernick LA *Administration of Estates and Drafting of Wills* 3de uitg. (Juta Kenwyn 1998)

Kilbourn *Conveyancing*

Kilbourn L *The ABC of Conveyancing* (Juta Kaapstad 2008)

Kourie en Ryder *Estate Planning Easiguide*

Kourie MA en Ryder K *Law and Estate Planning Easiguide* (Butterworths Durban 1997)

McCaffery *Fair, not Flat*

McCaffery EJ Fair*, not Flat: How to make the Tax System Better and Simpler* (University of Chicago Press Chicago 2002)

Mohr en Fourie *Ekonomie*

Mohr P en Fourie L *Ekonomie vir Suid-Afrikaanse Studente* 3de uitg. (Van Schaik Uitgewers Pretoria 2004)

Olivier en Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning*

Olivier PA en Van den Berg GPJ *Praktiese Boedelbeplanning* (Juta Kenwyn 1991)

*PricewaterhouseCoopers Income Tax Guide*

*PricewaterhouseCoopers Income Tax Guide* 2006-2007 (LexisNexis Butterworths Durban 2006)

Slatter *The Executor's Guide*

Slatter EJ *The Executor's Guide: A Practical Handbook on the Administration of Deceased Estates in the Union of South Africa* (Donaldson Johannesburg 1958)

Stein *Estate Duty*

Stein ML *Estate Duty: Principles and Planning* (LexisNexis Butterworths Durban 2004)

Weisbach (red) *Economics of Tax Law*

Weisbach DA (red) *Economics of Tax Law* (Edward Elgar Publishing Limited Cheltenham 2008)

Wiechers en Vorster *Boedelbereddering*

Wiechers NJ en Vorster I *Boedelbereddering* 3de uitg. (Durban Butterworths 1992)

Williams *Capital Gains Tax*

Williams RC *Capital Gains Tax: A Practitioner's Manual* (Juta Landsdowne 2001)

## *8.2 Akademiese joernale*

Bobbert 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap*

Bobbert MJC 1976 "Grondlyne vir strategiese boedelbeplanning" 1976 *Tydskrif vir Regswetenskap* 3-29.

Burke en McCouch 2001 *Virginia Tax Review*

Burke CB en McCouch GMP "Death Without Taxes?" 2001 *Virginia Tax Review* 500-554

Dobris 1984 *Syracuse Law Review*

Dobris JC "A Brief for the Abolition of All Transfer Taxes" 1984 *Syracuse Law Review* 1215-1234

Duff 2005 *Pittsburgh Tax Review*

Duff DG "The Abolition of Wealth Transfer Taxes: Lessons from Canada, Australia and New Zealand" 2005 *Pittsburgh Tax Review* 71-120

Els 2006 *TSAR*

Els H "Die doel van 'n beperking van 'n handvesreg" 2006 *TSAR* 253-276.

Gale en Slemrod 2001 *Journal of Economic Perspectives*

Gale WG en Slemrod JB "Policy Watch: Death Watch for the Estate Tax?" 2001 *Journal of Economic Perspectives* 205-218

Grossman 1990 *Publius*

Grossman PJ "Fiscal Competition Among States in Australia: The Demise of Death Duties" 1990 *Publius* 145-159

Iles 2007 *SAJHR*

Iles K "A fresh look at limitations: Unpacking Section 36" *SAJHR* 2007 68-92

Kinsler 1997 *Pacific Rim Law and Policy Journal*

Kinsler JS "The Taxation of Gifts and Bequests in Australia: A Propotype for Transfer Tax Reform in the United States?" 1997 *Pacific Rim Law and Policy Journal* 305-326

Lee 2007 *Legal Studies*

Lee N "Inheritance Tax – An Equitable Tax No Longer: Time for Abolition?" 2007 *Legal Studies* 678-708

Meyerowitz 1965 *The Taxpayer*

Meyerowitz D "Estate and Tax Planning" 1965 *The Taxpayer* 1

Pedrick 1980 *The Lawyer*

Pedrick WH "Oh, To Die Down Under! Abolition of Death and Gift Duties in Australia" 1980 *The Lawyer* 113-141

Redman 2000 *Akron Tax Journal*

Redman B "Rethinking the Progressive Estate Gift Tax" 2000 *Akron Tax Journal* 35-67

Schlachter 1999 *Virginia Tax Review*

Schlachter KM "Repeal of the Federal Estate and Gift Tax: Will It Happen and How Will It Affect Our Progressive Tax System? 1999 *Virginia Tax Review* 782-824

Swart 1998 *Suid-Afrikaanse Publiekreg*

Swart GJ "An outcomes-based approach to the interpretation of the right to equality" 1998 *Suid-Afrikaanse Publiekreg* 217-233

Thomson 1972 *The Australian Quarterly*

Thomson NJ "The Dying Case for Death Duties" 1972 *The Australian Quarterly* 22-29

Thomson 1971 *Australian Journal of Agricultural Economics*

Thomson NJ "The Incidene and Effects of Death Duties on Wool-Growing Properties in South Australia" *1971 Australian Journal of Agricultural Economics* 130-145

Wampler 2001 *Seton Hall Legislative Journal*

Wampler MR "Repealing the Federal Estate Tax: Death to the Death Tax, or Will Reform Save the Day?" 2001 *Seton Hall Legislative Journal* 525-548

### *8.3 Proefskrifte en verhandelinge*

Muller *Wealth Transfer Taxation*

Muller E *A Framework for Wealth Transfer Taxation* (LLD-verhandeling Universiteit van Pretoria 2010)

Taljaard *Invloed van MPRDA op Boedelbeplanning*

Taljaard JCP *Invloed van die Mineral and Petroleum Resources Development Act 28 of 2002 op Boedelbeplanning en Boedelbereddering* (LLM-proefskrif Noordwes-Universiteit 2004)

Van der Linde *Die Invloed van WUSV op Boedelbeplanning*

Van der Linde HH *Die Invloed van die Wet op Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg 62 van 1997 op Boedelbeplanning* (LLM-proefskrif Noordwes-Universiteit 2005)

### *8.4 Internetbronne*

Statistieke Suid-Afrika Datum onbekend http://www.statssa.gov.za [datum van gebruik 3 Augustus 2010]

Suid-Afrikaanse Inkomstediens Datum onbekend http://www.sars.gov.za [datum van gebruik 3 Augustus 2010]

Aron, Muelbauer en Prinsloo *Estimating household-sector wealth in South Africa* Datum onbekend http://www.sars.gov.za [datum van gebruik 10 November 2010]

Suid-Afrikaanse Tesourie Datum onbekend www.treasury.gov.za/documents [datum van gebruik 3 Augustus 2010]

Suid-Afrikaanse Tesourie Datum onbekend www.treasury.gov.za/draft_bills [datum van gebruik 10 Februarie 2011]

Fröhlich H 2008 *Legislation: life policy estate duty proposal withdrawn* www.gpforum.co.za/forum [datum van gebruik 25 Februarie 2011]

### *8.5 Wetgewing*

*Boedelbelastingwet* 45 van 1955

*Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 1996

*Inkomstebelastingwet* 58 van 1962

*Wysigingswet op Belastingwette* 8 van 2007

*Wysigingswet op Belastingwette* 17 van 2009

*Wet op Huweliksgoedere* 84 van 1988

### *8.6 Koerantberigte*

Venter 2010 *Burger Geldsake*

Venter L *Burger Geldsake* "Wat boedelbelasting inhou as jy kapitaalsterk is" 31 Julie 2010 24

Van Zyl 2010 *Sake-Rapport*

Van Zyl A *Sake-Rapport* "Jan Taks sal elders vat as hy boedelbelasting afskaf" 21 Februarie 2010 6

### *8.7 Regspraak*

*Badenhorst v Badenhorst* 2005 2 SA 253 (K)

*Harksen v Lane NO* 1998 1 SA 300 (KH)

*S v Makwanyane* 1995 3 SA 391 (KH)